

Matieland

2:76



Oude Meester

Die brandewyn van hoogste reinheid

Oude Meester word veredel tot hoogste reinheid in ons unieke seskolom-ketels – en langsaam verouder tot volrondheid in die edelhart van eikehout. Die bereiding van hierdie goue vog van die wingerd verg meer tyd en kunde in die kelder as enige ander soortgelyke kuns bekend aan die mens. Daarom betaal kenners van goeie brandewyn graag 'n ietsie meer vir Oude Meester.



VIR DIE MAN WAT KWALITEIT BO ALLES STEL



NOMMER TWEE
JAARGANG TWINTIG
AUGUSTUS 1976

Matieland

UITGEGEE VIR OUD-STUDENTE EN DONATEURS
VAN DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
DEUR DIE DEPARTEMENT VAN ONTWIKKELING
ONDER REDAKSIE VAN DOUGLAS DAVIS

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel en Fokus bladsy drie	Jeugprojek onvergeetlike gebeurtenis bladsy agt-en-twintig
U.S. lewer sy die eerste Tandartse bladsy vier	Militêre diensplig: wanneer? bladsy dertig
Monica en Simonsberg se vreugdevure vlam hoog bladsy ses	Van ons donateurs bladsy vier-en-dertig
Prof. Kabat slams Universities of West bladsy nege	S.B.W.-skenking kry beslag bladsy vier-en-dertig
Boere skenk spogskape bladsy tien	Sanlam oorhandig nog 'n tjek bladsy vyf-en-dertig
Hupstoot vir tuinbounavorsing bladsy elf	Munnik en Meyer in U.S.-Raad bladsy vyf-en-dertig
Vakansieskole baie gewild bladsy twaalf	Intervarsity is terug! bladsy ses-en-dertig
Bekendes vereer bladsy dertien	Nuwe aanstellings by U.S. en bevorderings bladsy sewe-en-dertig
Dr Fred— 'n Pionier bladsy veertien	Taalmonumentkomitee skenk R10000 bladsy agt-en-dertig
Prof. Thom lewer skitterende Gedenklesing bladsy sewentien	Kampusnuus maak sy eerste verskyning bladsy agt-en-dertig
Mossie maar Man bladsy agtien	Huweliks klokke vir bekende Maties bladsy nege-en-dertig
Kaap juig U.S.-Koor toe bladsy twintig	Oud-Maties trek saam bladsy veertig
Redakteur van Matieland word Koorbestuurder bladsy twee-en-twintig	Nuusbrokkies bladsy twee-en-veertig
Mabel Quick skenk beurse bladsy drie-en-twintig	Fotovaria bladsy vier-en-veertig
Prof. Mouton word Rektor bladsy vier-en-twintig	In Memoriam bladsy sewe-en-veertig
Voeg 'n bietjie by 'n bietjie bladsy ses-en-twintig	Notule van die Konvokasie bladsy agt-en-veertig

VOORBLAD:

Mej. Julia von Waltsleben van die departement Ontwikkeling by een van die spogskape wat aan die U.S. geskenk is. (Lees bladsye 10 en 11). Die foto is geneem deur Johan Stander.

Gedruk deur
Trio-Rand Drukkers

Dié man is die Maties se
Kaap Kennedy—bl. 18



Sonder staal sou jy oral heen moes loop.



Daar sou geen vervoer gewees het nie.



Staal is die ruggraat van ons toekomstige groei. Daarom benodig Yskor mense soos u wat kan meehelp om aan die land se groeiende behoeftes te voldoen. Bou 'n groter toekoms vir uself. Vind uit wat Yskor kan bied.

Die Korporatiewe bestuurder (Personeel),
Yskor
Posbus 450, Pretoria, 0001.
Stuur asseblief vir my verdere besonderhede oor loopbaangeleenthede by Yskor.

Naam:

Adres:

YSKOR 

Die wêreld het staal nodig. Staal het jou nodig

Odes Marais 1038/A

Die nuus het alle Suid-Afrikaners wat in sport – en veral rugby – belangstel, soos 'n steelhou uit die bloute getref. Dit was aangenaam verrassend, dié nuus dat die Intervarsity tussen Maties en Ikeys weer gaan herleef. Die twee Rektore, ons eie prof. Jannie de Villiers en sir Richard Luyt van die Universiteit van Kaapstad, moet gelukkigewens word dat hulle daarin geslaag het om om 'n konferensietafel 'n glansryke tradisie in ere te herstel.

Die laaste Intervarsity wat tussen die twee universiteite gespeel is, was in Mei 1972. Vier jaar later, op 31 Mei – Republiekdag – het die Maties en die Ikeys mekaar weer op die sportveld aangedurf. Die uitslag is reeds geskiedenis – die Maties kon nog altyd 'n pak vat – maar wat die belangrikste is, is dat ons eie aanvaarde Suid-Afrikaanse leuse, naamlik dat politiek nie 'n rol op die sportveld moet speel nie, deur hierdie groot stap bewys word.


Die geskiedenis van die twis tussen ons Universiteit en dié van Kaapstad is aan almal wat daarby belang het, bekend. In kort het dit daaroor gegaan dat die twee betrokke sportkomitees nie tot 'n vergelyk kon kom nie oor die bywoning, al dan nie, van die Intervarsity deur nie-blanke studente. Die Universiteit van Kaapstad het 'n minderheid bruin en swart studente.

Maar, vanjaar het prof. Jannie de Villiers en sir Richard Luyt besluit om by wyse van proefneming die tradisionele kragmeting te laat herleef. Volgens die verklaring wat deur die Rektore uitgereik is, geskied dit “met inagneming van die feitlike posisie binne die onderskeie rugbyklubs in die huidige tyd. Die posisie sal vir toekomstige wedstryde oorweeg word in die lig van die oervinding in 1976 en heersende omstandighede.”

Die indringende samesprekings en delikate onderhandelinge wat 31 Mei 1976 se Intervarsity tussen Maties en Ikeys voorafgegaan het, is met sukses bekroon en daar was geen ernstige haakplekke nie behalwe vir 'n paar manne wat die gees van die oomblik te ver gevoer en die optrede van die Maties se tamboer-nooiens ernstig ontwig het. Daar is egter reeds teen hulle opgetree en daar sal beslis nie weer in die toekoms 'n herhaling wees nie. Op die pawiljoene het elke studenteliggaam sy eie sake gereël en daar het ook geen onoorkomelike probleme opgeduik nie.

Nou ontstaan die vraag: wat van die jaarlikse rugbykragmeting tussen die Maties en die Tukkies? Matieland is die mening toegedaan dat dié kragmeting moet voortduur. Die Universiteite van Stellenbosch en Pretoria is dit aan die rugbypubliek van Suid-Afrika verskuldig. Lg. stelling baseer ons op die bywoningsyfer die afgelope twee jaar – 30 000 mense was verlede jaar op Nuwe-land en vanjaar was daar 'n rekordskare van 45 000 op Loftus Versfeld. Al sou die jaarlikse Intervarsity tussen Tukkies en Wits hervat word, meen ons die wedstryd teen U.P. moet nog elke jaar plaasvind. Wits sukkel die afgelope paar jaar op rugbygebied en dit wil voorkom of die dae verby is dat manne soos Wilf Rosenberg, Joe Kaminer en Alan Menter uit die geleedere van die Witsies tevoorskyn tree. Wits is nie meer opgewasse teen Tuks nie.

Hoe dit ook sy, ons is saam met duisende ander verheug dat 'n diepgewortelde instelling in Kaapland – die jaarlikse Intervarsity tussen Maties en Ikeys – weer herleef het.



Soggens wanneer al sy maats in die manskoshuis Simonsberg nog heerlijk lê en slaap, vat hy die langpad – dit is Neil Fourie, die nuutste Springbok uit Matieland. Hy was lid van die moderne vyfkamp-Springbokspan wat gedurende Junie en Julie aan byeenkomste in Europa deelgeneem het. Die span het ook 'n afrigtingskursus in Wes-Duitsland bygewoon.

Neil, wat maar pas sy 23ste verjaardag gevier het, is in Port Elizabeth gebore en het 'sy skoolopleiding aan Graeme College op Grahamstad geniet. Op die oomblik is hy 'n ingenieurstudent in sy vierde jaar en sy groot probleem is natuurlik om tyd te vind om te oefen. Hy hardloop elke dag – dit geskied gewoonlik donsoordag – wanneer ander studente nog slaap. Saans studeer hy laat en dan slaap meeste van die ander ook.

Die Maties se jongste Springbok word vandag beskou as een van die veelsydigste sportmanne in die land. Só is hy byvoorbeeld die huidige S.A.-kampioen vir die 1 500 m en ook die W.P.-kampioen vir die 3 000 m hindernis. Dit is dus te verstane dat die 4 000 m veldwedloop sy beste nommer in die moderne vyfkamp is. Sy tyd vir die veldwedloop is die vinnigste wat 'n moderne vyfkamp-atleet nog ter wêreld behaal het. Benewens die feit dat hy elke oggend hardloop, oefen hy ook twee keer per week skerm en Saterdag is dit perdry en pistoolskiet. Wat die vyfde nommer van die vyfkamp betref, naamlik swem, beoefen hy eintlik maar min. Hy sien dit egter as 'n goeie aanvullende oefening vir hardloop.

Ander sportsoorte waarin Fourie reeds uitgeblink het, is rugby waar hy vir die Maties se o.19 A-span vluel gespeel het, kanovaart, gimnastiek, pluimbal en muurbal.

Neil, wie se vader skakelbeampte aan die Universiteit Rhodes op Grahamstad is, is 'n beskeie kêrel. Hy gesels nie graag oor homself nie – al wat hy gesê het, was dat hy graag nog sal wil verbeter en dat hy ook ander mikpunte het, “maar dit hou ek maar vir myself.”

U.S. LEWER SY EE



Hierdie is 'n geskiedkundige foto. Dit toon die eerste groep tandartse wat aan die Universiteit van Stellenbosch kwalifiseer. Agter staan (v.l.n.r.) dr. S. Ferraris, W. D. Ackermann, A. J. van der Merwe, F. J. Strauss, S. W. van der Merwe, N. J. van Wyk en C. S. Kushner. Middelste ry (v.l.n.r.) dr. D. S. Grabe, N. J. Basson, F. U. A. Stampa, C. J. Botha, M. M. R. Bouckaert, R. Stone, K. Bütow, J. P. Pienaar en M. J. Fick. Voorste ry (v.l.n.r.) mnr J. R. Olivier (adjunk-registrateur (akademies)), prof. W. L. Mouton (Vise-rektor), dr J. S. Gericke (Vise-kanselier), prof. J. N. de Villiers (Rektor) en prof. F. X. Prins (dekaan, fakulteit Tandheelkunde)

RSTE TANDARTSE

“Dames en here, hierdie is die eerste tandartse wat suid van die Vaalrivier gradueer.” Dit was die woorde van ’n baie trotse dekaan, prof. F. X. Prins by die spesiale grade- en diploma-plegtigheid van die fakulteite van Geneeskunde en Tandheelkunde op 16 Junie vanjaar in die Langenhoven-Studentesentrum op die kampus van die Universiteit van Stellenbosch.

Voorwaar geskiedkundige woorde op ’n geskiedkundige plegtigheid. Die jong, dinamiese fakulteit Tandheelkunde van die Universiteit van Stellenbosch het sy eerste tandartse gelewer – 14 mans en twee vroue. Wat die geleentheid nog meer geskiedkundig gemaak het, is dat die grade- en diploma-plegtigheid die eerste was wat in die Langenhoven-Studentesentrum gehou is. Grade en diplomas is deur die Vise-kanselier van die Universiteit, dr Kosie Gericke verleen.

Benewens die eerste 16 studente wat aan die seekant van die Vaal die graad B.Ch.D. verwerf het, het 12 studente die Diploma in Mondhigiëne ontvang. Dié twaalf was dan ook die laaste groep wat die diploma oor ’n tydperk van 18 maande verwerf het aangesien die kursus voortaan oor twee jaar sal strek. Mej Suzél Viljoen het die Diploma in Mondhigiëne cum laude verwerf.

In die fakulteit van Geneeskunde is grade aan nege kandidate verleen en ses kandidate het die Diploma in Verplegingsonderwys ontvang. Mej Wilhelmina Kotzé het laasgenoemde diploma met lof verwerf. Mnr Jacob van Reenen Furter (Radiologiese Diagnose) en Christiaan van der Merwe (Obstetrie en Ginekologie) het albei die graad M.Med. cum laude geslaag en mnr Urbolino Celestino Rodrigues Gomes het die graad M.Sc. in Geneeskundige Wetenskappe ook cum laude verwerf.

Die vorige middag was die Rektor, prof. Jannie de Villiers die hoofspreek op die Belofteplegtigheid van die fakulteit Tandheelkunde op Parowvallei.

Prof. de Villiers het hulde gebring aan die gewese Rektor van die Universiteit van Stellenbosch, prof. H. B. Thom en aan die eerste dekaan van die fakulteit Tandheelkunde wyle prof. John van de Sandt de Villiers vir die rol wat hulle gespeel het om dié fakulteit ’n werklikheid te maak. “Ons is trots op die gehalte van die geriewe wat hier tot stand gebring is en ek wil ook my dank uitspreek teenoor die personeel wat van die begin af hulle pligte met soveel ywer uitgevoer het wat betref die opleiding van nagraadse en voorgraadse studente,” het die Rektor gesê.

Voorts het hy gewys op die dinamiese groei van die fakulteit Tandheelkunde. Drie doktorsgrade en drie magistergrade is reeds toegeken en net in die afgelope twee jaar het 30 navorsingspublikasies verskyn wat getuig van aktiewe en suksesvolle navorsing.

Die Rektor het gesê hy spog graag met die fakulteit Tandheelkunde. “Ek het reeds hulde gebring aan die beplanners – hulle was hoofsaaklik prof. H. B. Thom en prof. John van de Sandt de Villiers. Maar die implementering, aanpassing, modifisering, afronding en uiteindelijke suksesvolle uitvoering het plaasgevind onder die bekwame leierskap van prof. F. X. Prins, dekaan sedert 1 Januarie 1973. Baie geluk en baie dankie prof. Prins vir die gehalte manne en vroue wat u getrek het na die fakulteit en wat onder u leiding produseer is.”

Vervolgens het die Rektor ’n beroep op die studente gedoen wat nou in die professie gaan staan om kwaliteit van diens deurentyd as eerste prioriteit te stel en nie geldelike wins nie. “Wees ook bereid om tyd af te staan vir diens aan minder-bevoorregtes en die minder gegoedes van alle bevolkings-groepe,” het prof. de Villiers gesê.

Die beste prestasie onder die 16 studente wat hulle graad in tandheelkunde ontvang het, is gelewer deur ’n 43-jarige boer van Calvinia, dr Frederik Johannes Strauss en die goue medalje van die Tandheelkundige Vereniging van Suid-Afrika vir buitengewone prestasies is dan ook aan hom toegeken. Hy het ook die Vereniging se bronsmedalje ontvang vir die beste student in Konserverende Tandheelkunde. In die finale eksamen het hy die vak Kaak-, Gesigs- en Mondchirurgie met onderskeiding geslaag.



Bo: Prof. F. X. Prins, dekaan van die fakulteit Tandheelkunde, saam met vier van die U.S. se eerste groep tandartse wat buitengewoon presteer het. Die PROSSA-prys is aan dr R. Stone (links) toegeken vir die beste student in Tandheelkundige Prostetik. Dr S. W. van der Merwe (tweede van links) het die Henry St. John Randell-bronsmedalje ontvang vir die finalejaarstudent wat in sy loopbaan uitnemende eienskappe van karakter, persoonlikheid, leierskap en sportmanskap openbaar het. Langs hom staan dr A. J. “At” van der Merwe wat as student verskeie kere vir die W.P. rugby gespeel het. Regs staan dr F. J. Strauss, 43, wat die goue medalje van die T.V.S.A. ontvang het vir buitengewone prestasies tydens sy akademiese loopbaan en ook die T.V.S.A. se bronsmedalje vir die finalejaarstudent wat die beste in Konserverende Tandheelkunde presteer het.

Monica en Simonsberg se




Links: Dié vyf vroue was van die eerste wat op Vrydag 14 Mei by Monica aangekom het vir die groot reünie. V.l.n.r. staan mev. Leonie Basson van Stellenbosch, Foeta Reynecke van Sasolburg, Christine Eksteen van Suider-Paarl, Marie Haaroff van Somerset-Wes en Heka du Plessis van Burgersdorp.

Die dameskoshuis Monica bereik die halfceumerk en die manskoshuis Simonsberg word mondig en albei gebeurtenisse is op luisterryke wyse gevier.

Oud-Simonsbergers het die naweek van 23 tot 25 April na die Eikestad opgeruk en in die naweek van 14 tot 16 Mei was dit oud-Monicaners wat vanuit die vier windstreke na die Akker terugkeer het.

Monica se feesreëlingskomitee met mev. S. Botha, 'n gewese primaria aan die stuur, het uitstekende werk verrig. Onder die groot aantal oud-Monicaners wat vir die koshuis se 50ste bestaansjaar bymekaar gebring is, was die eerste primaria van 1926 (Monica is in dié jaar voltooi) en enkele ander eerste intrekkeers. 'n Antieke kapkar wat behoort aan dr R. K. Belcher, pas-aangestelde bestuurder van die Universiteitskoor, is binne die Langenhoven-Studentesentrum geplaas vir Monica se reünie.

Vir oud-Simonsbergers is daar onder meer 'n hanedinee, 'n "Met" en 'n dineedans gereël. Die Sondagoggend het die manne 'n diens in die Moederkerk bygewoon waar ds. Hans Roux van Worcester voorgegaan het.



Links: En dié manne was die eerste groep oud-inwoners wat op Vrydag 23 April opgedaag het vir Simonsberg se 21ste verjaardagviering. V.l.n.r. staan Attie Lambrechts van Porterville, Dick Esterhuysen van Omaruru, Willem van Drimmelen van Pretoria, Peter Cilliers van Ermelo, Derique Coetzee van Pretoria, Kleintjie Bellingham van Pietersburg, André Brand van Port Elizabeth en Pieter Heyns van Kokstad.

e vreugdevure vlam hoog



Bo: 'n Bekende oud-Monicaner, mev. Tini Vorster, eggenote van ons Kanselier en Eerste Minister, aan die woord tydens die dinee die Saterdag-aand met Monica se Jubileumfeesvieringe.



Bo: Ja-nee die Simonsbergers was nog altyd manne wat lekker en lank kan kuier. Op dié foto wat by die dinee ter viering van Simonsberg se 21ste verjaardag geneem is, staan (v.l.n.r.) Shadow van der Merwe, Bertus Roux, Tenk van der Merwe, Johan Fechter en Jannie Engelbrecht. Te oordeel aan die lagbui wat Johan Fechter en Jan "Engel" beetgepak het, het Shadow se sêgoed na al die jare nog nie opgeraak nie—Bertus Roux en Shadow se broer, Tenk, is nog nie heeltemal mooi by nie!

Regs: Teen die agtergrond van dr Ronnie Belcher se antieke kapkar staan mej. Istine Rodseth (huidige primaria van Monica), mnr Andries Esterhuyse (adjunk-direkteur van Ontwikkeling en die enigste manskop wat in die feesreëlingskomitee gedien het), mev. Ralie van Heerden (primaria van Monica in die eerste jaar wat hy bewoon is, 1926) en mev. Maria Thom (eggenote van die gewese Rektor van die U.S., prof. H. B. Thom).



Monica en Simonsberg vier fees

Onder: Mej. Istine Rodseth (huidige primaria van Monica) staan hier saam met 'n aantal oud-Monicaners wat onder die eerste intrekkers in die koshuis was pas nadat dit in 1926 voltooi is. Hulle is v.l.n.r. – hulle nooitersvan verskyn tussen hakies–Marjorie van der Merwe (Norden), Joey van Niekerk (van Zyl), Ralie van Heerden (van Blerk—sy was ook primaria in 1928), Nancy Heyns (Du Plessis), Baby Strydom (Louw), Rinie Ehlers (Du Plessis), Marie de Weerd (Vermeulen) en Ilvira Lotz.



Bo: 'n Aantal oud-Simonsbergers op die dinee-dans wat in die Stellenbosse stadsaal plaasgevind het. Staande (v.l.n.r.) Gys Steyn (oud-primarius) van Stellenbosch, Hoffie Hoffmann van Stellenbosch, prof. C. F. Gunther (baie jare inwonende hoof gewees), Ivan Kirsten (nog 'n oud-primarius en tans voorsitter van die Oud-Matieskakelkomitee) van Despatch, mev. Gunther, L. C. Silberbauer van Stellenbosch, Kobus Maré van Monte Vista en Boontjie Boonzaaier van Kraaifontein. Voor v.l.n.r. Jaap Earle van Durban, Schalk Joubert van die Paarl en Andrew Marais van Stellenbosch.



Prof. Kabat slams Universities of West


The first Public Lecture of the present academic year at the University of Stellenbosch was delivered by Prof. L. J. Kabat, head of the department of Italian, in June. More than 200 people were present. Before coming to Stellenbosch, Prof. Kabat was associate professor of Italian at the University of Massachusetts in Boston. Here are a few excerpts from his address:

- Education is not a commodity. And once any civilised society considers education as such, it is spelling its own demise. Yet it is precisely this which is occurring in the West. Education is not and cannot be “democratic” in the popular (and grossly misinterpreted) sense of that word, any more than a Petrarchan sonnet, a Bach fugue, or the theory of relativity can be “democratic” The Greeks who conceived democracy, and the Romans who essentially refuted it, knew that, and it is their civilisations which we have inherited. Education is “aristocratic” in the best sense of that word, viz., a self-acquired ennoblement, a self-induced and self-imposed need, desire, and effort towards a higher state of being, towards a more profound, enlightened, and meaningful existence.

- Yes, in the West, the mob has indeed seized the ascendancy. And those to whom we have entrusted the preservation of our society and the transmission of our culture and our values through the instruction of our young, have, as I stated, seized the opportunity to refashion the world in their image. And we have let them do so! And they are doing so with frightening rapidity. They are doing so insidiously and with fanatical determination. They proceed on the premise that all human beings are by nature equally intelligent, potentially equal intellectually, and hence equally educable, even though they themselves know better.

- Education, it seems to me, implies the necessary formation of an élite, an intellectual and professional élite, that is, rigorously and demandingly trained, having met the highest possible standards imposed by past and current knowledge, an élite knowledgeable and fit to assume responsibility and to determine and guide the destinies and fortunes of society.

- The universities of the West have become politicised and have become actively engaged in social crusades. They have not remained above and beyond politics or social breezes and hurricanes, and have thereby betrayed their traditional (and heretofore noble) function of training gifted people, through the transmission of culture and ethics, to think independently and lucidly, thus implicitly trusting those same people whom they have trained, to be subsequently capable of determining responsibly their own political and social predilections.



- The lowering of standards in the universities of the Western World, in addition to producing annually hundreds of thousands of graduates with pseudo-baccalaureates who will then become frustrates, spreads its own mediocrity like a cancer throughout the body politic and social. Put another way, the universities, once considered the crucibles and repositories of human excellence and endeavour, have now become the generators and matrices of mass mediocrity.

- Ladies and gentlemen of South Africa, you have a splendid land and a sane, sound, civilised society. Keep it that way! Be discriminating, be perspicacious, be demanding in what you import from the West. Do not import the worst of the West because if you do, you will ultimately regret it grievously. Cast a searching and critical eye upon the Western World. The West is already in lamentable condition. You would never dream of importing defective products or contaminated foodstuffs. Therefore why should you import contaminated ideas, ideas which have already disproved themselves definitively, ideas which have wrought havoc, violence, and misery, ideas which have torn asunder the social and moral fabric of great nations? Do not import the worst experiments of the West.

'n Aantal van die beste stoetmerino's wat in Suid-Afrika verkrygbaar is, wei deesdae lustig op die lowergroen grasvelde van die Universiteitsproefplaas, Mariendahl.

Dit is moontlik gemaak deur 'n ruimhartige skenking van sewe stoettelers van die Suid-Afrikaanse Merinotelersgenootskap in Mei vanjaar. Die 33 stoetooie is van bekende stoeterie in die land afkomstig.

"Met dié skenking is ons nou in staat om ook 'n merinostoet te vestig wat as waardevolle opleidingsmateriaal sal dien en vir navorsingsdoeleindes gebruik kan word," sê die hoof van die departement Skaap- en Wolkunde van die fakulteit van Landbou, prof. Piet de Wet.

Die waarde van hierdie skenking bedra sowat R12 000. "Oor 'n totale skenking van byna R30 000 kan ek net met lof en dankbaarheid praat", het prof. De Wet bygevoeg.

Vroeër is daar ook 22 stoetooie deur telers in die distrik van Calvinia aan die departement geskenk. Tesame met die

jongste skenking beskik die departement nou oor 'n volwaardige stoet.

Prof. de Wet sê met die inskakeling van die fakulteit Landbou by die Universiteit aan die begin van 1973 daar bykans geen voorsiening gemaak was ten opsigte van skape vir die opleiding en navorsing vir die departement Skaap- en Wolkunde nie. "Daarom is ons so dankbaar oor die ondersteuning wat ons van telers in die bedryf ontvang", sê prof. de Wet.

Prof. de Wet sê afgesien van die feit dat dit 'n geweldige geldelike las op die Universiteit sou plaas, die stoetskape wat ontvang is, ook bykans onbekombaar sou wees as dit aangekoop sou moes word. Trouens, meen hy, dit sou haas onmoontlik gewees het om finansiële ondersteuning daarvoor te gekry het.

Só het telers van die Döhne Merinotelersgenootskap in 1974/75 75 skape afkomstig vanoor die hele land aan die departement geskenk met 'n konserwatiewe geskatte waarde van R15 000. Dit

"Die stoetskape wat aan die Universiteit geskenk is, is bykans onbekombaar"

... Prof. P. J. de Wet, hoof van die departement Skaap- en Wolkunde.

BOERE SKENK SPOGSKAPE



'n Trotse prof. Piet de Wet, hoof van die departement van Skaap- en Wolkunde wys na 'n paar van die spogskape wat deur boere aan sy departement geskenk is. Prof. de Wet is verheug oor die skenking en sê dat dit navorsing in sy departement geweldig gaan aanhelp. Konserwatief geskat, is daar tot dusver skape ter waarde van sowat R30 000 reeds geskenk.

het meegebring dat daar nou 'n Döhne Merinostoet op die Universiteitsproefplaas is.

Die stoet het nie net die opleidingsmateriaal vir landboustudente aansienlik vermeerder nie, maar bied ook die geleentheid om navorsing te doen oor een van die jongste Suid-Afrikaans ontwikkelde rasse. "Dit bied ook aan ons Universiteit die geleentheid om ons deel op hierdie gebied te doen", het prof. de Wet gesê.

'n Waardevolle skenking was ook 'n program, wat deur die bekende teler, mnr Bennie van der Westhuizen aan die departement gegee is. Die waarde daarvan word op R1 500 geskat. "Dit was 'n waardevolle toevoeging tot die Suid-Afrikaanse Vleis-Merinostoet", meen prof. de Wet. Die ram het homself 'n kampioen bewys toe hy vroeër vanjaar die Grootkampioenskap van die Suid-Kaapstreek op die Paarl se Skou verower het.

Die drie stoetkuddes wat hoofsaaklik op Mariendahl gevestig sal wees, sal nie net 'n groot rol speel in opleiding en navorsing nie, maar dit sal ook na verwagting 'n aansienlike bron van inkomste vir die Universiteit wees.

Dit het reeds duidelik geword in die talle navrae wat al van boere ontvang is wat belang stel in teëlmateriaal.

Prof. de Wet wys ook op die noodsaaklikheid van die departement van die fakulteit van Landbou om skakeling te hê met die bedryf wat elk verteenwoordig. "Daardeur word probleme waarmee die bedryf te kampe het na vore gebring en kennis en ontwikkeling kan weer aan die bedryf oorgedra word.

Dit bring terselfdertyd mee dat opleiding van studente ook meer doelgerig is. Uit die aard van die saak dien die skaap en sy produk as 'n goeie skakel tussen departement en boer," het prof. de Wet gesê.

Die volgende boere het reeds skenkings aan die departement gedoen.

MERINO'S

E. A. Nel - Calvinia, 5; W. J. Brynard - Calvinia, 5; J. P. Burnett - Calvinia, 5; D. J. van der Merwe - Calvinia, 8 en 1 ram; J. C. de Klerk Jnr. - Calvinia, 1; B. O. Hartley - Sterkstroom, 5; J. S. Minnaar - Graaff-Reinet, 3; O. J. M. van den Heever - Deelfontein K.P. 5; A. Theron - De Aar, 5; J. Pienaar - Hanover, 5; C. P. van den Heever - Hanover, 5; P. Jordaan - Somerset-Oos, 5;

DÖHNE MERINO'S

A. B. Neetling - Bredasdorp, 3; J. J. J. Kotzé - Stutterheim, 5; P. P. Kruger - Stutterheim, 5; G. O. Warren - Komga, 5; A. C. Blaine - Amabele, 2; M. J. Blaine - Amabele, 2; C. J. Claasen - Standerton, 5; R. O. & E. D. le Roux - Somerset-Oos, 5; C. S. & J. J. Erasmus - Perdekop, 1; G. J. G. Thompson - Komga, 2; K. Scott-Robinson - Post Retief, 3; Mev. E. Venter - Queenstown, 2; Mev. M. Sangster - Ugie, 1; E. C. Muller & Seun - Stutterheim, 5; D. A. Strydom - Winburg, 3; Must Farms - Ceres, 5; P. M. de Vos - Steynsrus, 1; J. L. Myburgh - Heilbron, 18 en 1 ram; E. T. Odendaal - Kroonstad, 5; J. B. Heyns - Ventersburg, 1; J. H. Basson - Riebeeck Kasteel, 2.

1 S.A. Vleismerinoram van mnr. B. van der Westhuysen.



Op die foto wat tydens die oorhandiging van die tjek geneem is, verskyn (v.l.n.r.) mnr D. J. Jacobs, president van die S.A. Plantverbeteringsvereniging, die hoof van die departement Tuinbou, prof. D. K. Strydom en die dekaan van die fakulteit Landbou, prof. H. A. Louw.

Hupstoot vir Tuinbounavorsing

'n Tjek ten bedrae van R1 167,67 is aan die departement Tuinbou van die fakulteit Landbou deur Plantas (die Suid-Afrikaanse Plantverbeteringsvereniging) oorhandig.


Plantas is in 1964 gestig met verskeie doelstellings, onder meer byvoorbeeld die skakeling en goeie saamwerking tussen kwekers en verwante instansies, wat almal moes bydra om 'n beter gehalte plantmateriaal vir verspreiding deur kwekers daar te stel.

In 1975 is hierdie doelstelling verwezenlik met die stigting van die K.W.V.-Plantverbeteringskema en die Sagtevrugte-Plantverbeteringskema van die drie rade wat verantwoordelik is vir sagtevrugte in Wes-Kaapland.

Met die beëindiging van die bestaan van Plantas is op die laaste jaarvergadering besluit om die saldo aan die departement Tuinbou te skenk.

Die skenking is omskep in die Plantasnavorsingsfonds en is uitsluitlik daargestel vir navorsing in Tuinbou. Addisionele fondse van Plantas wat oor 'n lang termyn belê is, sal oor sowat twee jaar ook aan die departement Tuinbou oorgedra word.

Die tjek is deur die President van Plantas, mnr D. J. Jacobs van Orchard, aan die hoof van die departement Tuinbou, prof. D. K. Strydom, oorhandig.




Suid-Afrika se minister van Buitelandse Sake, dr Hilgard Muller voer die woord tydens die Herfsskool van die Universiteit van Stellenbosch vroeër vanjaar.



Die Rektor van die Universiteit van Stellenbosch, prof. Jannie de Villiers (regs) in gesprek met mnr J. H. Venter van Windhoek. Mnr Venter, wat voorsitter is van die streekomitee van die Afrikaanse Handelsinstituut in Suidwes-Afrika, was een van die hooforganiseerders van die U.S. se Winterskool in Windhoek. Hy is ook lid van die uitvoerende komitee van die Handelsinstituut.

deur

William Fox



VAKANSIESKOLE BAIE GEWILD

Die tweede Herfsskool van die Universiteit wat aan die einde van Maart en begin April vanjaar aangebied is, was 'n groot sukses; in so 'n mate dat dit opgevolg is deur 'n Winterskool in Windhoek wat aan die begin van Junie oor drie dae aangebied is.

Die hooftema van die Herfsskool was Fokus op Suidwes-Afrika, wat die grootste belangstelling uitgelok het. Ander temas was Die Kind in die Moderne Wêreld, Kuns en Tegnologie en 'n keuse tussen 'n besoek aan die fakulteit van Geneeskunde en die fakulteit Tandheelkunde op Parowvallei en 'n besoek aan die vlootbasis by Simonstad.

Die ondersteuning vir die Herfsskool was baie goed. Twee keer soveel mense het hulle ingeskryf as wat verlede jaar die geval was. Die 250 mense wat hulle ingeskryf het, het van plekke so ver versprei soos Mosselbaai en Grootfontein gekom.

Die hooftema van die Herfsskool is op versoek van die Herfsskoolgangers uit Suidwes-Afrika, met geringe aanpassings, as Winterskool in Windhoek aangebied.

Die Winterskool is deur 'n groep van 81 uitgelese Suidwesters bygewoon. Die hoofspreekster was oud-minister A. H. du Plessis. Ander sprekers was onder andere mnr Dirk Mudge en professore Hans Jansen, Christoff Hanekom en Gary Söhnge van die Universiteit van Stellenbosch.

Na gelang die Herfsskool in gewildheid toeneem, is dit die voorneme om temas gelyktydig op Stellenbosch en op bv. Bellville aan te bied en om verskillende temas op dieselfde tyd in verskillende lokale aan te bied sodat daar op een dag 'n keuse van temas tot die Herfsskoolgangers se beskikking is.

Die organiseerders van hierdie vakansieskole beskou dit as 'n noodsaaklikheid dat die Universiteit hom op hierdie wyse aan die breë publiek bekend moet stel en om sommige van ons land se leiers voor hulle te laat optree. By die eerste Herfsskool het die Eerste Minister bv. opgetree en vanjaar het ons besoek ontvang van dr Hilgard Muller, mnr Dirk Mudge en adv. Dawid de Villiers.


Die beplanning aan aanstaande jaar se Herfsskool is reeds aan die gang, en hopelik sal die beoogde temas in baie mense se smaak val.

Bekendes Vereer

Onder: Prof. Andries Brink, dekaan van die fakulteit van Geneeskunde aan die Universiteit van Stellenbosch, het op 8 Mei vanjaar 'n eredoktoraat ontvang van die Natalse Universiteit vir sy betekenisvolle bydrae in die geneeskundige wetenskap en vir die rol wat hy gespeel het en steeds speel in die bevordering van navorsing in die geneeskunde in Suid-Afrika. Prof. Brink is onder meer lid van die Wetenskaplike Adviesraad van die Eerste Minister en voorsitter van die Geneeskundige Navorsingsraad.




Bo: 'n Eredoktoraat in Maatskaplike Werk is op 30 Maart vanjaar deur die Universiteit van Port Elizabeth toegeken aan prof. Erika Theron, afgetrede hoogleraar in Maatskaplike Werk aan die Universiteit van Stellenbosch. Dit is vir haar belangrike bydrae tot die vestiging van Maatskaplike Werk as volwaardige beroep in Suid-Afrika en vir die daarstelling van gunstiger lewensomstandighede en 'n blinker toekoms vir 'n groot deel van die land se bevolking.



Links: Dr P. W. Botha, die minister van Verdediging, aan wie die Universiteit van Stellenbosch in Maart vanjaar 'n eredoktoraat in die Krygskunde verleen het, het op 11 Mei Suid-Afrika se hoogste toekenning, die Dekorasie vir Voortreflike Diens ontvang. Die oorhandiging is in die Kasteel in Kaapstad deur die Staatspresident gedoen wat gesê het dr Botha se naam is onafskeidbaar gekoppel aan die militêre weerbaarheid en paraatheid van ons land. Pres. Diederichs het ook gesê dr Botha het getoon dat hy 'n vasbeslote en doelgerigte mens is wat hom met al die energie tot sy beskikking wy aan elke taak wat hy aanpak.

DR. FRED —
'N PIONIER



'n Man van alle Seisoene

'n Groot man, fisies en geestelik, 'n Matie-pionier – dr Fred Krige, M.A., B.M., B.Ch., D.M. (Oxon), D.T.M. (Liverpool), F.R.C.S. (Edin.), L.M. (Dublin), D.R.C.O.G., F.R.C.O.G., (hon. causa), F.C.O.G. (SA) (hon. causa).

Dr Fred Krige is beslis vandag een van Suid-Afrika se kleurrikste figure en een van die beste ginekoloë wat ons land nog opgelewer het. Dit is trouens hoe die meeste Suid-Afrikaners van vandag aan hom dink – dr Fred Krige, baanbreker op mediese terrein.

Maar hoeveel besef dat dié oud-Matie, wat terloops vir drie jaar in die klassieke tale aan die ou Victoria-Kollege, vandag die Universiteit van Stellenbosch, studeer het voordat hy 'n Rhodesbeurs verower het om aan Oxford in die medisyne te gaan studeer, ook 'n sendingarts in die destydse Noord-Rhodesië was. Daarna was hy algemene praktisyn, 'n baanbreker op die lewering van lesings in die geneeskunde in Afrikaans, 'n ere-lid van die Akademie, en benewens al hierdie prestasies het hy ook nog vir Oxford se eerste rugbyspan op die veld gedraf, was hy N.O.K. se kaptein, 'n uitmuntende swemmer en tennisspeler en in latere jare het hy hom ook op die gholfbaan onderskei.

'n Hele mond vol, en nóg is hierdie besonderse man, vandag in sy tagtigerjare, se prestasies nie naastenby eers genoem nie.

Uit bogenoemde kan mens seker aflei waar hy sy breë mensekennis en die vermoë om dit toe te pas, vandaan kry. Dit is ook seker nie moeilik om te verstaan dat so 'n groot gees dit nie moeilik vind om humor in 'n situasie te sien nie – al is dit soms ten koste van homself.

Dr Fred het die eeu sien kom, hy het die depressiejare deurleef, hy het Afrikaans sien groei. Trouens, hy was een van die belangrike hoekstene in die groei van die Afrikaanse taal – veral in die geneeskunde.

Sy studies het noodgedwonge in Engels geskied. Na Oxford het hy aan die St. Bartholomew-hospitaal in Londen studeer waar hy in 1918 die Baccalaureat in die Geneeskunde en die Snykunde asook die M.A. verwerf het, en na nog 'n jaar ook die Diploma in Tropiese Geneeskunde in Liverpool ingepalm het.

In 1920 het hy as sendingarts na Suider-Afrika teruggekeer toe hy 'n pos in die destydse Noord-Rhodesië aanvaar het. Later het hy huisarts op Queenstown en Burgersdorp geword. In 1925 het hy vir 'n heen-en-weertjie weer na Engeland gegaan vir die R.F.C.S.-eksamen waarna hy hom op Standerton gevestig het. Daar het hy vir tien jaar lank praktiseer.

Met 'n derde besoek aan Europa verdiep hy hom in die verloskunde in Wene, Dublin en Londen. In 1936 vestig hy hom as verloskundige en ginekoloog in Johannesburg.

Deur al die jare, waar dr Krige eers deelydse dosent aan die Universiteit van die Witwatersrand was en hom daarna beywer het vir 'n fakulteit van Geneeskunde aan die Universiteit van Pretoria, het sy liefde vir Afrikaans nooit verflou nie.

Saam met dr I. P. Schabort was hy een van die stigterslede en ook ere-sekretaris van die Christo Beyers Mediese Gedenkvereniging. In 1942 is hy tot volle lid van die Akademie verkies. Op 23 Oktober 1965 is die eerste Erepenninng van die Gedenk-tak Christo Beyers van die afdeling Geneeskunde van die

“Mr President, in admitting Dr Krige to an Honorary Fellowship, the Council and members of the College of Physicians, Surgeons and Gynaecologists of South Africa seek to bestow the highest honour in the gift of the college, upon a great South African patriot, a distinguished academician, a beloved medical practitioner, a born teacher, a skilful and versatile gynaecological surgeon and the doyen of the Obstetricians and Gynaecologists of the Transvaal.”

... Prof. J. N. de Villiers, Oktober 1966, tydens die voorstelling van dr Fred Krige tot die Erelidmaatskap van die Kollege van Obstetici en Ginekoloë van Suid-Afrika.

Akademie, aan hom toegeken. Hy is ook 'n stigterslid van die fakulteit Wetenskap en Tegniek van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Op mediese terrein is die reus ook op paslike wyse vereer. Nie net is hy in 1954 verkies tot Fellow van die Royal College of Obstetricians and Gynaecologists van die Verenigde Koninkryk nie, maar in 1966 word dr Krige die eerste Eregenoot van die Suid-Afrikaanse Kollege van Geneeskunde.

Na die stigting van die fakulteit van Geneeskunde aan die Universiteit van Pretoria, het die fakulteit nie vergeet wie so 'n groot rol in sy ontstaan gespeel het nie, en ten tye van sy dertigerjarige viering aan dr Krige die graad van doktor in Geneeskunde, honoris causa, toegeken. Hy was ook jare lank 'n lid van die fakulteitsraad, eksaminator in Verloskunde en Ginekologie en ere-dosent van die fakulteit van Geneeskunde aan Tukkies.

Maar om terug te keer na dié geneesheer se fyn humorsin. Sommige van sy vriende mag moontlik vergeet hoe 'n voortrefflike geneesheer hy is, of ander wat sy aandeel in die gebruik van Afrikaans in die geneeskunde was, maar almal sal sy fyn humorsin onthou. Dit is 'n kenmerk van dr Freddie – al is dit ten koste van homself. Hy is die skepper van talle versies, grotendeels oor die geneeskunde en het bv. al baie dié woorde van 'n pasiënt oor hom met 'n glimlag vertel: “Hoewel Fred Krige vingers soos piesangs het, is hulle darem so glad soos satyn!”

Sy fyn humorsin word ook in sy bekende boek, *To Cure Sometimes*, weerspieël. Afgesien van die waardevolle feite in die boek, skaterlag mens ook vir sy kwinkslae en pittigheid daarin.

Ons kan maar net saam met prof. H. W. Snyman, voorsitter van die Geneeskundige en Tandheelkundige Raad sê: “In sy lang en vrugbare lewe het hy, met die kuns van wellevendheid, ruim bygedra tot sy beroep, die geneeskundige opleiding, en die breë Afrikaanse gemeenskap.”

*Deur skeppende vakmanskap
ontmoet ons môre se eise en uitdagings vandag
in die dinamiese drukkersbedryf*



NASIONALE BOEKDRUKKERY BEPERK

FOTOSSETTERS EN DRUKKERS VAN BOEKE EN TYDSKRIFTE



NASIONALE HANDELSDRUKKERY (EDMS) BEPERK

FOTOSSETTERS · DRUKKERS VAN HANDELSDRUKWERK · KETTINGVORMS VIR REKENAARS · GEKODEERDE TJEKS (MICR)



NASIONALE SKRYFBEHOEFTE (EDMS) BEPERK

VERVAARDIGERS VAN KOEVORTE EN SKRYFBEHOEFTE



HEER DRUKKERS BEPERK

ALGEMENE DRUKKERS

PROF. THOM LEWER

SKITTERENDE


GEDENKLESING

Ons sien dr Malan as die ervare, rype Afrikanerpolitikus, die oortuigde demokraat, wat kalm volhou om 'n groot ideaal na te strew, nl. volkseenheid, wat vir hom bowenalles beteken het die staatkundige eenheid van sy volk. Hiervoor was hy bereid om 'n groot prys te betaal, aan geduld, inspanning en opoffering, ook teenoor sy mede-Afrikaner wat van hom verskil het. Hy is die man van sy beginsels; maar hy is geen *Prinzipienreiter* nie: groot beginsels is onontbeerlik, om stabiliteit, koers en karakter te gee, maar hy maak nie van alles beginsels nie; en beginsels is vir hom ook nie heilige koeie wat samewerking onmoontlik moet maak nie. Hy het 'n soepelheid van gees geopenbaar wat 'n gesonde aanpassingsvermoë meegebring het; as teologiesonderlegde filosoof het hy miskien beter as enigeen van sy partygenote geweet dat onvermoë om aan te pas uiteindelik die dood beteken vir enigiets wat leef, hetsy mens of dier of plant.

Naas hom het mnr Strijdom gestaan, Provinsiale leier, amper twintig jaar jonger as sy Uniale leier. Vlagger en meer dinamies van gees as dr Malan, met nog meer die *Sturm und Drang* van die jeug as die kalmte van die ouderdom, was hy die man van die daad, die vegter, die Leeu van die Noorde. Niemand het sy demokratiese oortuiging betwyfel nie, en met name nie sy oortuiging as Nasionalis nie. Maar demokrasie en Nasionalisme was vir hom duidelike gedefinieerde terme, soos dit in programme van beginsels en aksie van die Herenigde Nasionale Party of Volksparty te vinde was. Wie daarbuite gestaan het, was vir hom nie Nasionalis nie, nie iemand met wie hy saam die wapen kon dra nie; en hierop het hy nie maklik toegewings gemaak nie, want toegewings kon verwarring bring, en verwarring broederstryd. Vir die objektiewe waarnemer kom sy houding ietwat doktrinêr voor; maar mnr Strijdom was wat sy ou Karoowêreld hom al gemaak het: taai, vreesloos, kompromisloos.

En derdens was daar mnr Havenga, heeltemal 'n ander mens as óf dr Malan óf mnr Strijdom. Produk van die leerskool van genl. Hertzog, sy politieke vader, was hy die man wat saam met die generaal "gesmelt" het en kans gesien het om saam met genl. Smuts in genl. Hertzog se kabinet te dien. Hy was sjarmente mens in die omgang, maar nie politikus met buitengewoon geekte politieke opvattinge wat tot in fyn besonderhede vasgestaan het nie; en daarby was hy ietwat pragmaties van uitkyk: teen 1948 was hy al byna agt jaar uit die Parlement, en hy wou graag terug. Dit wil nie sê dat hy manteldraaier was nie; in sy hart was hy Afrikaner, nasionalis en republikein, en hy het aansluiting gesoek by diegene by wie hy kon tuis voel. Maar hy was nie onderskeidend-filosofies aangelê nie; en hy was ook nie 'n meedoënlose vegtersgees nie.

Die gewese Rektor van die U.S., prof. H. B. Thom, het op 26 April vanjaar op Stellenbosch die sesde genl J. B. M. Hertzog-gedenklesing gelewer. Die onderwerp was: Die Politieke Driehoek, 1947-48. Dit was inderdaad 'n belewenis om weer na prof. Thom, historikus van formaat, te luister. Sy weergawe en interpretasie van gebeure tussen die groot Afrikanerleiers, dr D. F. Malan, adv. J. G. Strijdom en mnr N. C. Havenga op die voorraad van die algemene verkiesing van 1948, het getuig van intensiewe navorsing deur 'n meester van sy vak. Matieland plaas graag 'n uittreksel van prof. Thom se bevindinge oor die drie volksmanne.



MOSSIE MAAR MAN



Wium "Mossie" Mostert op sy heiligdom—die rekortanbaan van die Universiteit van Stellenbosch op Coetzenburg. Dis hier waar hy atlete soos Danie Malan, Aneen de Jager, en Danie Goosen laat sweet.




"Alles hang van die atleet af..."



"Die belangrikste faktor is geesdrif..."



"Man, die afrigter is net 'n blote hulp..."



"O ja, die reus hier agter my—ja, hy is 'n groot atleet..."

Mossie noem hulle hom – vir die jongeres is hy oom Mossie – maar die prestasies van atlete wat hy afrig, is beslis nie Mossie nie, maar Man.

Dis Wium "Mossie" Mostert, atletiekafriigter van die Universiteit van Stellenbosch. Sommige atletiekgeesdriftiges het al na hom verwys as die "lanseerbasis" van groot atlete, oftewel die "Kaap Kennedy" van Stellenbosch vir die meteoriese opgang van Matie-atletieksterre.

Die sukses wat atlete van die Universiteit van Stellenbosch behaal het sedert Wium Mostert in 1974 aangestel is as die U.S. se amptelike atletiekafriigter, is niks minder as fenomenaal nie. Ons hoef net enkele name te noem. John van Reenen – almal in die wêreld van sport ken hierdie reus van 'n Matie – het die grootste lof vir oom Mossie. Hy sê hy het in die jare wat hy in Amerika was nou wel baie geleer, maar Wium Mostert se afrigting en die wyse waarop hy 'n mens motiveer, is wat hom betref onververbeterlik.

Oom Mossie se aandeel het op 14 Maart verlede jaar op Coetzenburg duidelik geblyk toe John van Reenen die werpskyf 68,48 meter geslinger het – dit is opgeteken as 'n wêreldrekord.

Aneen de Jager, middellafstandatleet van die Maties, het in Februarie twee S.A. rekords aan skerwe gehardloop – op 21 Februarie was dit in die 1 000 m en vier dae later tydens 'n aandbyeenkoms op Coetzenburg, het sy 12 000 mense op hulle voete gehad toe sy die

rekord vir die 800 m met 2,2 sekondes geslaan het. "Alle eer aan oom Mossie, dit was my grootste oomblik," het sy hierna aan Matieland gesê.

Ook Danie Malan, puik middellafstandatleet van die Maties en houer van verskeie S.A. rekords, sê oom Mossie het hom "oneindig veel" gehelp.

Nog atlete vir wie se prestasies oom Mossie grotendeels voor verantwoordelik is, is Danie Goosen. Dié jong Matie is op die oomblik die Suid-Afrikaanse kampioen in die 800 m en het na vore begin tree toe oom Mossie hom onder hande geneem het. Dan kan ons ook nog bekende name in die atletiekwêreld in Suid-Afrika noem soos bv. Emile Roussouw (hoogspring en hekkies) en Rodeen de Kock (naellope) wat gevorder het tot waar hulle vandag is, te danke aan die afrigtingsvernuf van Wium Mostert.

In teenstelling met sommige ander sportsoorte, het Suid-Afrika se grootbase van atletiek baie spoedig beseft wat oom Mossie vir die gehalte van atletiek in ons land kan beteken. Ons atlete word deelname aan die Olimpiese Spele geweier, maar hulle het geweet dat 'n meesterlike afrigter soos Wium Mostert van groot waarde vir atletiek in die Republiek kan wees al is hy dan net bloot 'n toeskouer vanjaar in Montreal.

Só het dit dan gebeur dat die Suid-Afrikaanse Atletiekunie hom afgevaardig het om die Olimpiese Spele in Montreal by te woon. Twee bekende Suid-Afrikaanse atlete, Ina van Rensburg en

Adam Barnard het saam met oom Mossie vertrek. Hulle reis na Montreal is moontlik gemaak deur die goeiehartigheid van die bekende nyweraar, mnr Louis Luyt. Die drie sal teen die einde van Augustus terugkeer.

Oor die doeltreffendheid van die afrigtingsmetodes wil hierdie beskeie en nederige man nie praat nie. Trouens, hy maak dit af. Met so 'n skewe glimlaggie en ietwat van 'n handgebaar het hy gesê: "Ag, nee wat, alles draai eintlik om die atleet self".

Oom Mossie sê die belangrikste faktor is geesdrif. Voorts moet die atleet baie vasbeslote en toegewyd wees. "Dit is die belangrikste, dis nie die afrigter as sodanig nie."

Hy is onder meer die mening toegedaan dat daar by sommige in atletiekkringe die neiging bestaan "om te veel eer aan die afrigter te wil gee en te min aan die atleet". En oor hierdie standpunt is oom Mossie onversetlik – hy staan daarby dat die afrigter net 'n blote hulp is.

Wium Mostert is onder atlete daarvoor bekend dat hy op sy stil en nederige manier die beste uit 'n man of vrou kan haal. Matieland het hom gevolglik toe ook gepols oor hoe hy daarin slaag om atlete so goed te motiveer. Maar hy het weer weggeskram en met 'n laggie gesê: "Man, ek sal geen atleet kan motiveer as sy voorbereiding nie reg is nie – met ander woorde dit hang van hom self af of hy hoogtes gaan bereik of nie."



Bo: Dié foto van die Koor is geneem kort voor sy vertrek na Europa en Brittanje. Een van die persone wat kom groet het, was mnr William Morris, stigter van die Koor. Hy staan hier in die tweede ry (derde van links) skuins voor prof. Philip McLachlan, die Koorleier. Ter ere van hom het die Koor net hierna tot groot waardering van almal in die vertreksaal die bekende M.A.T.I.E. gesing. Dié gewilde Intervarsity-liedjie is in 1942 deur mnr Morris gekompeeer.

Op vooraand van oorsese toer . . .

KAAP JUIG U

“Dit is die ideaal van my departement om kultuur- en vriendskapsbande met oorsese lande uit te brei en te verstewig en ons kan aan geen mooier instrument dink om dit te verwesenlik as 'n koor soos die Universiteitskoor Stellenbosch nie.”

Dié woorde is vervat in 'n boodskap in die 1976 program van die Universiteitskoor Stellenbosch – die boodskap is van die minister van Nasionale Opvoeding, dr Piet Koornhof.

Dit is egter nie net die minister van Nasionale Opvoeding wat trots is op dié koor nie, maar ook 'n ieder en 'n elk wat hom al gehoor en gesien het.

Almal wat die aand van 12 Junie vanjaar in die Kaapstadse stadsaal was, sal daarvan getuig. Dit was die koor se laaste uitvoering in die Moederstad onder leiding van prof. Philip McLachlan en ook sy laaste in Kaapland voor die pasafgelope oorsese toer. Die Staatspresident en mev. Diederichs was dié aand die eregaste en die uitvoering is geborg deur die bekende uitgewer van opvoedkundige boeke, Maskew Miller, en verwante maatskappye.

Prof. McLachlan het die aand weer eens bewys dat sy gelyke as koorleier maar baie dun gesaai is en dat die hartseer groot gaan wees wanneer die dag vir sy uittrede binnekort aanbreek.



Links: Die Universiteitskoor Stellenbosch onder leiding van prof. Philip McLachlan, onlangs afgeneem in die stadsaal van Stellenbosch tydens 'n dinee van die Stellenbosse Boere- en Wynproewersvereniging. By dié geleentheid is erelidmaatskap van die vereniging aan die Eerste Minister en Kanselier van die U.S., dr B. J. Vorster, toegeken.

S.-KOOR TOE

Die koorsang was voortreflik en die groot skare wat die stadssaal volgepak het, het die Universiteitskoor lank staande toegejuig.

Op 'n onthaal na afloop van die uitvoering, het prof. Wynand Mouton, Vise-reaktor van die Universiteit van Stellenbosch, hulde gebring aan die maatskappy Maskew Miller dat hy bereid was om die aansienlike bedrag van R5 000 by te dra tot die koor se oorsese toer.

“Daardeur het Maskew Miller bewys gelever dat hy saam met die departement Nasionale Opvoeding alles in sy vermoë sal doen ter bevordering van die kunste in ons land,” het prof. Mouton gesê.

Vervolgens het die Vise-reaktor gesê die Staatspresident het aan hom gesê dat dit baie bemoedigend is om te sien dat die privaatsektor in toenemende mate hom verbind om groter bydraes op kultuurgebied te lewer.

“In dié verband was Maskew Miller 'n mooi voorbeeld en ek wil aan mnr Zandberg – hy is die voorsitter van die maatskappy se direksie – weer baie dankie sê vir wat hulle vir ons gedoen het,” het prof. Mouton gesê.



Bo: Mev. Ella Belcher, vrou van die bestuurder van die Universiteitskoor Stellenbosch, dr Ronnie Belcher, steek hier 'n ruiker aan vir die Staatspresidentsvrou, mev. Marga Diederichs, kort voor die aanvang van die uitvoering in die Kaapstadse stadssaal. Die Staatspresidentspaar was die eregaste.

Regs: Die Vise-reaktor (regs) van die Universiteit van Stellenbosch, prof. Wynand Mouton, in gesprek met die voorsitter van die direksie van Maskew Miller, mnr Dirk Zandbergh, (links). Langs prof. Mouton staan Maskew Miller se besturende direkteur en gewese Springbok-losvoerspeler, mnr Haas Schoeman, en naas hom die bestuurder van die Koor, dr Ron Belcher.



Oud-Maties Adresse Asseblief

Die Universiteit van Stellenbosch wil graag kontak met alle Oud-Maties behou. Indien uself, of 'n ander Oud-Matie van wie u weet, nog nie *Matieland* kry nie, sal ons dit waardeer as u onderstaande vorm sal invul en dit aan die redakteur sal stuur.

DRUKSKRIF ASSEBLIEF
*Knip uit en stuur asseblief aan
Die Redakteur
Matieland
Universiteit van Stellenbosch
STELLENBOSCH*

Van:

Voorname:

Prof., Dr., Ds., Mnr., Mev., Mej.,:

Nooiensvan:

My ou adres vir *Matieland* is:

My nuwe adres vir *Matieland* is:

Telefoon:


My nuwe betrekking is:

Telefoon:

Graad (Grade) en/of Diploma(s) aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf, met jaartalle:

Nadere besonderhede (prestasies, ens.):

Redakteur van Matieland word Koorbestuurder



Dr R. K. Belcher

Die bekende digter, dr Ronnie Belcher, wat sedert die begin van 1974 in diens van die departement van Ontwikkeling is en verlede jaar redakteur van *Matieland* geword het, is aangestel as die eerste heelydse bestuurder van die Universiteitskoor Stellenbosch. Dr Belcher het pas saam met die koor teruggekeer na 'n geslaagde toer deur Brittanje en Europa.

Dr Belcher, wat op Goodwood gebore is en ook tien jaar in Rhodesië gewoon het, het van 1951 tot 1962 aan die Universiteit van Stellenbosch studeer waar hy die grade B.A., Honneurs-B.A., M.A. en D.Litt. verwerf het. Sy klasgelde het hy betaal met geld wat hy gedurende vakansietye in die asbesmyne op Shibani en in die steenkoolmyne op Wankie in Rhodesië verdien het.

Nadat hy sy doktorsgraad op Stellenbosch verwerf het, was hy 'n rukklank verslaggewer by *Die Burger*. Later het hy redakteur geword by *Tafelberg-Uitgewers*. Van 1964 tot 1972 was hy senior lektor in Afrikaanse en Nederlandse Letterkunde aan die Universiteit van Wes-Kaapland.

Verskeie publikasies oor die letterkunde en die literatuurwetenskap het reeds uit sy pen verskyn. Dr Belcher is ook die skrywer van twee digbundels, verskeie bundels kleuterpoësie en agt verwerkings van Nederlandse kinderrympie-verhale.

In die jare sestig was hy 'n gereelde eersteliga-rugbyspeler in die W.P. Op Stellenbosch het hy 'n paar keer vir die Markötterspan en later vir Van der Stel agsteman gespeel.

Hy word as redakteur van *Matieland* opgevolg deur mnr Douglas Davis wat sedert die begin van verlede jaar in diens van die departement van Ontwikkeling is.

Mabel Quick skenk beurse

'n Eertydse dosente in Sang aan die Konservatorium vir Musiek aan die Universiteit, mej. Mabel Quick, het vroeër vanjaar persoonlik die twee beurse vir musiekstudente wat deur haar beskikbaar gestel word, oorhandig.

Manuel Escorcio (tenoor) en Hermie Steenkamp (klavier) het dit verower. Een beurs is vir sangstudie bedoel en die ander vir studie in enige ander vertakking van musiek.

Op dieselfde geleentheid is die F.A.K.-beurse aan Inge Serfontein (fluit) en Bennie van Eeden (klavier) oorhandig. Mnr van Eeden het ook die J. B. Collinsbeurs verower. Laasgenoemde beurs word jaarliks aan die beste klavierstudent toegeken.

Die Konserwatorium-Stipendium is aan Nicol Viljoen (klavier) toegeken.

Die Vise-reaktor, prof. Wynand Mouton, was by die oorhandiging teenwoordig. 'n Program, waarin onder meer die beursweners opgetree het, is daarna aangebied.

Benewens beurse het mej. Mabel Quick ook 'n aansienlike bemaking aan die U.S. gedoen. Dit het ook reeds in werking getree deurdat sy gelas het dat 'n groot hoeveelheid van haar aandele so gou doenlik aan die Universiteit oorgedra word.



Die F.A.K.-beurse en die Konservatorium-Stipendium is verower deur (v.l.n.r.) Inge Serfontein (B.Mus. III), Bennie van Eeden (Hons.-B.Mus.) en Nicol Viljoen (M.Mus.)



Die eerste twee weners van die Mabel Quickbeurse verskyn hier saam met mej. Quick en die direkteur van die Konservatorium, prof. Richard Behrens (heel regs), op die foto. Die studente is links, Hermie Steenkamp (B.Mus. IV) en Manuel Escorcio (B.Mus. IV).



Mej. P. R. van der Walt

Edrich-beurs oorhandig

'n Student in Maatskaplike Werk aan die Universiteit van Stellenbosch, mej. P. R. van der Walt, het onlangs die Edrich-beurs verower. Die beurs word uitsluitlik daargestel vir nagraadse studie in Maatskaplike Werk.

Die beurs is aan mej. van der Walt oorhandig deur 'n vennoot van die firma, mnr. H. Lubbe. 'n Lektor in Maatskaplike Werk, mnr. Gerrit Kotzé, was ook teenwoordig.

Maties se Vise-Rektor neem oor by Prof. Kok

“Alle getuienis dui daarop dat hy uitnemend toegerus is om by prof. Benedictus Kok oor te neem ...” Dié woorde is gebruik in ’n hoofartikel in die Vrystaatse middagblad, Die Volksblad op 25 Mei vanjaar – ’n dag nadat die Raad en die Senaat van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat eenparig aanbeveel het dat prof. Wynand Louw Mouton, huidige Vise-rektor van die Universiteit van Stellenbosch, die opvolger moet wees van prof. Kok wat Kanselier van die U.O.V.S. geword het.

Die vertrek van prof. Mouton is vir die Universiteit van die Vrystaat ’n groot aanwinst. Vir die Universiteit van

Stellenbosch is dit ’n groot verlies. Hy was sedert 1965 aan die Universiteit van Stellenbosch verbonde, eers as hoogleraar in Kernfisika en later as dekaan van die fakulteit van Natuurwetenskappe. Hy is ook ’n jaar lank aan die Universiteit van Wes-Kaapland geleen as Rektor en aan die begin van verlede jaar het hy die Maties se eerste Vise-rektor geword.

As dosent, as dekaan en as Vise-rektor het prof. Mouton bewys gelever waarom hy allerweë as ’n hoogstaande akademikus en administrateur beskou word. Sy dinamiese dog rustige persoonlikheid, gepaard met ’n ingebore slag om

PROF. MOUTON WORD RI



mense se vertroue en vriendskap te wen en sy beskeie manier van optrede, is aan almal bekend en het van hom die gewilde figuur gemaak wat hy op Stellenbosch is.

Hy het op verskeie terreine leiding gegee, onder meer as president van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Fisika, lid van die Akademie vir Wetenskap en Kuns, lid van die Wetenskaplike Adviesraad van die Eerste Minister en van verskeie van sy subkomitees, lid van die Krygstuigraad, direkteur van Krygkor en ondervoorsitter van die Kerninstituut se beheerraad van die suidelike universiteite op Faure.

EKTOR



Só gebeur dit dan dat die jong seuntjie wat doer in die dertigerjare op die hoek van Kerk- en Maitlandstraat in Bloemfontein elke middag vir drie jaar lank koerante verkoop het, binnekort na die Vrystaatse hoofstad terugkeer as Rektor van die universiteit in dié stad.

As koerantverkopertjie het prof. Mouton gedroom van eendag wanneer hy 'n geneesheer sou wees, maar nadat hy matriek met vier onderskeidings aan die Sentrale Hoërskool in Bloemfontein geslaag het, is hy deur middel van 'n Thomas Robertson-beurs na die U.O.-V.S. In daardie jare net na die oorlog, was daar nog nie 'n fakulteit van Geneeskunde aan die Vrystaatse Universiteit nie en die jong Mouton het in die Fisika begin belangstel. Spoedig het hy van die medisyne vergeet en Kernfisikus geword.

Prof. Mouton is eintlik 'n Kapenaar van geboorte – hy het die eerste lewenslig in Desember 1928 op Bellville aanskou. Sy vader, 'n spoorwegman, het egter toe hy een jaar oud was, na Bloemfontein verhuis. Sy ouers is albei oorlede en in Bloemfontein begrawe. So ook sy twee broers. Hy het net 'n suster oor.

Hy is in Julie 1952 getroud met mej. Magdalena Leonora (Daleen) du Toit, 'n Stellenbosser van geboorte. Haar vader was mnr Hennie du Toit van die plaas Goedgevonden – die plaas behoort op die oomblik aan mnr Neil Joubert. Mev. Mouton het Huishoudkunde aan die Universiteit van Stellenbosch gestudeer en vir haar is dit nou 'n geval “dat ek Stellenbosch vir die tweede keer verlaat.” As jong meisie is sy hier weg Bloemfontein toe en was sekretaresse vir haar swaer, ds. André Malan van die N.G. gemeente De Bloem toe sy prof. Mouton ontmoet het. Binnekort verlaat sy die Eikestad weer as rektorsvrou van die Vrystaatse Universiteit.

Maar om na prof. Mouton terug te keer – in 1948 behaal hy die graad B.Sc. aan die Vrystaatse Universiteit. Hy slaag Fisika, Wiskunde en Chemie met lof. Twee jaar later behaal hy aan dieselfde universiteit die graad M.Sc. in Fisika met lof. Van 1951 tot 1960 was hy verbonde aan die Universiteit van Natal en dit was in dié tyd dat sy vrou die

eerste tak van die Vroue Landbouvereniging in Natal help stig het.

In 1960 het hy die graad Phys. Drs. aan die Universiteit van Utrecht in Nederland verwerf en in 1962 het hy aan dieselfde universiteit gepromoveer in Wiskunde en Natuurwetenskap. In dié tydperk was hy senior navorsingsbeampte in Kernfisika aan die Universiteit van die Witwatersrand.

In 1963 is hy aangestel as onderdirekteur van Kernnavorsing by Wits. Hy het dié pos beklee toe hy in 1965 aangestel is as hoogleraar in Kernfisika aan die Universiteit van Stellenbosch. Dertig wetenskaplike publikasies, hoofsaaklik in buitelandse tydskrifte en oor Kernfisika, het reeds uit sy pen verskyn.

Behalwe vir sy studies in die buitenland, het hy heelparty Europese besoeke agter die rug en het hy ook 'n maand in Amerika vertoef waar hy die internasionale versnellerkonferensie in Boston, Massachusetts, bygewoon het. In 1967 lê hy 'n besoek van vyf weke aan die V.S.A. en Japan af en woon hy die internasionale kernfisika-kongres in Tokio by. Twee jaar later besoek hy Engeland en Nederland weer waar hy ses maande lank studeer. In 1973 besoek hy weer Engeland asook Wes-Duitsland waar hy 'n internasionale kongres oor Kernfisika in München bywoon.

Prof. Mouton was reeds die promotor vir 12 M.Sc. en tien Ph.D. – studente.

Prof. en mev. Mouton het drie kinders – Wynand, wat nou 'n mediese student in sy vierde jaar is, Saretha, 'n tweedejaar B. Mus.-student en klein Du Toit wat in standerd drie is.

Dit is baie duidelik dat die U.O.V.S. 'n man aan die stuur van sake kry wat deeglik voorberei is – soos die uitgawe van 25 Mei van Die Volksblad dit dan ook in sy hoofartikel stel: “Gelukkig is 'n universiteit dus wat vir waardige voorgangers 'n bewese opvolger en oud-student, oor wie Senaat en Raad ooreenstem, soos prof. Mouton kry. Sy prestasies aan ses universiteite het hom 'n natuurlike keuse gemaak. Hy kan dus verseker wees van die wydste steun in die Vrystaat en aan dié se universiteit.”

Prof. Mouton, die Universiteit van Stellenbosch groet u en salueer u.

Prof. Wynand Mouton en sy gesin – v.l.n.r. Saretha, prof. Mouton, sy vrou Daleen, Wynand en Du Toit. Die “kêreltjie” op mev. Mouton se skoot heet Nicolaas.

Stellenbosch,
29 September 1920.

Waarde Mev.(Mej.),

Die Universiteit van Stellenbosch doen werk wat so belangryk is vir die opvoeding van Jong-Suid-Afrika, dat daar geen apologie nodig is om te wys op die reg wat sy het om die ondersteuning van die publiek te verwag. Nérens is die aanspraak groter dan in die dorp en distrik van Stellenbosch self. Grotendeels deur die Universiteit is Stellenbosch wêreldbekend, en die materieële welvaart van ons dorp en distrik is nou verbonde aan die bestaan en groei van ons inrigting.

Terwyl die Universiteit 'n volksinrigting is, en as sulks ons hartlike ondersteuning verdien, moet dit vir die Stellenbossers ook uit die standpunt van lokale patriotisme 'n eersaak wees om ons uitbreidingskema kragtig te ondersteun.

'n Vergadering van dames wat verbonde is aan die staf van die Universiteit, is Dinsdag, 21 September, gehou en dit is besluit om in Maart, 1921, 'n Boerekermis op grote skaal te hou, en om intussen, in die volgende kwartaal, kleinere onderneminge te organiseer, soos bv. tennistees, cafés chantants, verkopinge van koek, lekkers, arbei, ens.

Vir hierdie doeleindes is die hartlike samewerking van alle dames, Engels sowel as Hollands, in die hele distrik nodig, en ons doen mits dese 'n dringende beroep op iedereen om 'n vergadering in Stellenbosch by te woon, in die C.J.V. Saal, op 8ste Oktober, om 3.30 n.m. Die voorlopige komitee sal dan 'n plan voorlê, wenke en voorstelle verwelkom, en om die ondersteuning van die vergadering vra vir die uitvoering van die planne. 'n Sterk bestuur sal dan gekies word, bestaande uit dames van die dorp en distrik, en komitees sal aangestel word.

Dienswillig die uwe,

M. Cillie

Bo: Die brief wat die bal aan die rol gesit het. Die destydse rektorsvrou, mev. M. Cillie rig 'n brief aan alle vroue van personeellede om haar saak te stel en die eerste vergadering te belê. Sedert dié geskiedkundige brief op 29 September 1920 geskryf is, het die Vereniging nog net vorentoe gekyk.



Voeg 'n by 'n en siedaar—

“As 'n mens 'n bietjie by 'n bietjie sit, en dit elke slag herhaal, word dit gou-gou baie.” Dit is die leuse van die Vrouevereniging van die Universiteit van Stellenbosch.

Deur die eeue heen het die Afrikaner-vrou reeds bewys wat in haar steek. Deur goeie en slegte tye was sy nog altyd die een wat die stille onderskraging van haar man was, en wat die hande kon uitsteek as dit moet. Aan ywer en geesdrif het dit haar nog nooit ontbreek nie. Dié vroue van die Universiteit van Stellenbosch is geen uitsondering nie. Dit spreek duidelik uit die leuse.

“As 'n mens 'n bietjie by 'n bietjie sit, word dit gou-gou baie.” Hoe waar, en hoe deeglik het die dapper vroue van die Vereniging dit nie reeds bewys nie.

Die voorsitster van die Vereniging, mev. Marie van der Merwe, het pas 'n tjeke van R50 000 aan die Rektor van die Universiteit, prof. J. N. de Villiers, oorhandig as bydrae vir die Langenhoven-Studentesentrum wat einde verlede jaar voltooi is.

Maar, in die bietjie meer as 50 jaar wat die Vereniging bestaan, is dit nie al bydrae wat die vroue aan die Universiteit gemaak het nie. Hulle het ook reeds R20 000 vir die Huishoudkundegebou, later nog R9 000 vir die oprigting van 'n derde verdieping vir dié gebou, R1 000 vir die Opvoedkunde-uitbreidingsfonds en R20 000 vir die Konservatoriumfonds bymekaargemaak. (Bouwerk aan

Links: Die Universiteit van Stellenbosch se staatmakers — op die foto van 1975 se Vrouevereniging staan agter (v.l.n.r.) mev. L. Hattingh, Y. Swiegers, A. van Wyk, A. Jooste, S. Bronkhorst, E. Fick, E. Dreyer en S. van Tonder. Voor sit (v.l.n.r.) mev. E. Matthee, E. van der Westhuizen, M. Conradie, M. van der Merwe (voorsitster), S. Booyens, D. Olivier en A. Pienaar.

bietjie

bietjie

-R100 000

die nuwe Konservatorium vir Musiek het reeds 'n aanvang geneem).

'n Aardige bedraggie as mens dit bymekaar gaan tel – en nog is het einde niet. Mev. van der Merwe het Matieland meegedeel dat die Vereniging reeds weer 'n nuwe doelstelling het – nog R10 000 gaan by die fonds vir die nuwe Konservatorium gevoeg word.

En wat die moed en deurstellingsvermoë van hierdie vroue des te groter maak, is dat hulle verwag om dit reeds aanstaande jaar te bereik! Daarna gaan daar begin word om R50 000 in te samel vir die daarstelling van ontspanningsgeriewe vir die personeel.

Die Vereniging is in 1920 gestig as 'n "veldtog ten bate van die Universiteitsfonds." Wyle mev. G. G. Cillié, destydse rektorsvrou, was die eerste voorsitster. Mev. Cillié het deur middel van 'n brief aan alle vroue van personeellede die bal aan die rol gesit.

Sommer met die vroue se eerste werklike groot poging, 'n kermis wat drie dae geduur het, is daar die reuse bedrag van 3 000 pond ingesamel – en destyds, was 'n pond sommer baie geld!

Mev. Betsie Verwoerd, vrou van Suid-Afrika se vorige Eerste Minister, was later sekretaresse en is vandag ere-voorsitster van die Vereniging.

Die huidige voorsitster, mev. van der Merwe, dien sedert 1964 in die komitee, sedert die begin van 1973 is sy voorsitster en is pas vir nog drie jaar in haar amp herkies.

Mev. van der Merwe verduidelik hoe haar Vereniging te werk gaan met die fondsinsameling en samewerking: "Die komitee bestaan uit 18 lede, elke lid het 'n wyk en twee wyke werk saam, natuurlik met die lede van die vereniging in die twee wyke."

Voeg 'n bietjie by 'n bietjie . . . die Universiteit van Stellenbosch kan met reg trots wees op sy Trojane van die Vrouevereniging.

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH.

VROU-HALWE-KROONFONDS.

"As 'n mens 'n bietjie bij 'n bietjie sit en dit elke slag herhaal, word bietjie gou-gou baie."—Hesiod.

- 1.—Ons doen 'n beroep om ondersteuning op die vroue en dogters van Suid-Afrika. 'n Gewone bydrae van 2/6 word gevra, maar meer dan één half-kroon sal welkom wees.
- 2.—Alles wat inkom sal van tyd tot tyd in die dagblaaië erken word en u word gevra dus so gou as moontlik te begin.
- 3.—Getekende Lyste kan verkry word van MEVR. DR. CILLIE, Stellenbosch, aan wie hulle ook trug gestuur moet word.
- 4.—Die fonds dra die goedkeuring weg van die bestuur van die Vroue-komitee vir die Universiteit van Stellenbosch: Pres., Mevr. Dr. Cillié; Sekr., Mevr. Dr. Gie en Mevr. C. Edgar; Thes., Dr. Lydia v. Niekerk en Mej. M. le Roux.
- 5.—*Mrs. Martha Dips.*
is aangestel om vir die fonds te kollekteer.

M. Cillié

Die leuse van dié brief, "As 'n mens 'n bietjie bij 'n bietjie sit, en dit elke slag herhaal, word bietjie gou-gou baie", het die leuse van die Vrouevereniging geword. Die "Vroue-Halwe-Kroonfonds" het 'n aardige bedraggie opgelewer.



Die voorsitster van die Vrouevereniging van Stellenbosch, mev. Marie van der Merwe, oorhandig hier die tjek van R50 000 aan die Rektor van die Universiteit, prof. J. N. de Villiers. Die tjek is 'n bydrae tot die boukoste van die Langenhoven-Studentesentrum wat sowat R2 miljoen beloop het.




Bo: Die Instruksors (staande v.l.n.r.): Schabort Krige (swemduik en ekspedisies), Vincent Swart (projekteier), Roelof Diener (kampkapelaan). Sittende: Johan Bouwer (liggaamlike opvoeding) en Josua v. d. Merwe (veldwerk en ekspedisies).



deur

Koos Oosthuysen



Jeugprojek Onvergeetlike Gebeurtenis

“’n Belangrike deel van ’n seun se opvoeding ontvang hy onbewustelik daár waar hy saam met sy vriende die onbekende ondersoek. Daar span hy sy vermoëns in om saam met sy maats die interessante dinge wat die see, berge, wind en weer bied te ontdek, ervaar en te geniet.”

Die man wat hierdie baie waar woorde geuiter het, is die leier van die Suiderkruis-Jeugavontuurprojek, mnr Vincent Swart. Dit is ook so aangeteken in die joernaal van die eerste jeugavontuurprojek.

Die eerste Suiderkruis-Jeugprojek, wat deur die Wes-Kaaplandse Jeugtrust georganiseer is, het van 10 Desember 1975 tot 8 Januarie 1976 by en om die Steenbrasriviermond plaasgevind.

Vir die seuns wat die kamp bygewoon het, was dit ’n onvergeetlike gebeurtenis. Die seuns het van so wyd geleë plekke soos Walvisbaai, Pretoria, Fauresmith, Windhoek en Bloemfontein gekom.

Johan du Preez, een van die seuns wat die jeugkamp bygewoon het, teken sy herinneringe só in die kampjoernaal aan: “Jou ouers laai jou goedjies af . . . skielik is jy met agt wildvreemde ouens in ’n span ingedeel. ’n Mens kyk na hulle gesigte: kort, lank, dik, vaag, vriendelik of onbeduidend!”

Maar later skryf dieselfde seun: “Vriende en nogmaals vriende!”

Teen die einde van al die inspanning van vier weke, sê Johan: “Jy is van jou uiterlike gestroop – die kwessie van vasbyt – jy het verander ten goede!”

Links: Die Marlynpatrollie besig met ’n vanselfsprekende probleem – en dit sonder ’n enkele hulpmiddeltjie, maar spanwerk en met die leier van bo sal die drom wel bo-oor gaan. (’n “ervare” vader van die seuns sou die aandag van die instruksor afdraai het sodat die drom vinnig om die hoekie geskuif kon word!)

Moeders sal vreugde vind in hierdie veelbetekende woorde van Eben Swanepoel: "Ete is verby en daar moet skottelgoed gewas word."

Allerlei onderskeidings word ook aan die seuns toegeken. Die eregraadtoekennings is aan Chris Oosthuizen van Otjiwarongo, Jonathan van Zyl van Tulbagh, Roelof Venter van Indwe en aan Hendrik Verwoerd van die Paul Roos-Gimnasium gemaak.

Vir die Wes-Kaaplandse Jeugtrust het die projek ook 'n geestelike betekenis gehad: "Die seun se ervarings kry diepte en betekenis wanneer hy daarvan bewus is dat sy geleentheid en talente die genadegawes is van 'n Vader wat hom wil vorm vir 'n lewenstaak, 'n pelgrimspad!"

Die voorname van die organiseerders is dat dit 'n jaarlikse instelling moet wees en voorbereiding vir die 1976/77 avontuurprojek is onverpoosd aan die gang. Verskeie sleutelliggame verleen hulp hiertoe. Onder hulle is die dept van Nasionale Opvoeding, die dept van Bosbou, die dept van Natuur-bewaring, die Vlootkollege op Gordonsbaai, die Nasionale Seereddingsinstituut, asook verskeie ander watersportklubs.

Vir *Matieland* is dit egter iets besonder dat hierdie projek eintlik deur Oud-Maties, huidige dosente en studente gelei word. Die trustees bestaan uit prof. C. J. van Wyk (oom Jool) as voorsitter en verder uit mnre P. Steyn (Sanlam), J. J. Hanekom (C.M.R.), C. du P. Kuun (Saambou), P. J. Conradie (oom Philip), fakulteit Ingenieurswese, U.S., mnre C. S. Louw (Paarl), prof. F. C. Fensham (U.S.), mnre H. J. Louw (oom Pikkie, F.A.K.), H. G. Malan (Sanlam), J. Theron (boer), kapt. J. Nieuwoudt (Vlootkollege), mnre L. A. Pienaar (ambassadeur in Frankryk en eerste voorsitter) en mnre Hennie Stoffberg (sekr.), met mnre Vincent Swart (dept Fisika, U.S.) as projekteier.

Die wye verskeidenheid van persone en liggame wat reeds by hierdie projek ingetrek is, toon met welke voorsorg die voorbereiding en opleiding geskied.

Die koste verbonde aan die bywoning van die kamp word deur hierdie Oud-Maties so laag moontlik gehou en is naastenby die helfte van die inskrywingsgeld vir ander vergelykbare kampe. As die skrywer hiervan u kan raad gee: Rig dadelik 'n briefie aan die Sekretaris, mnre. Hennie Stoffberg. Sy adres is posbus 460, Stellenbosch. As u effens draal, kry u seun dalk nie plek nie.



Bo: Hercules Bothma van Durbanville (links) en Pieter van Niekerk (Kaapstad) besig met seekos by Kaap Hangklip. (Waar is Pa vir die kreef en die galjoen?)




Bo: Willem van Riet, Springbok-kano-vaarder (regs), en Clive van Zyl van Faresmith. (Dit is seker 'n jong Vrystatertjie se droom om met so 'n Oud-Matie in 'n kano op die see te wees. Die moeders moet maar anderkant toe kyk – netnou spat hy dalk nat!)



Links: Die Dolflynpatrolie: Bo: F. Wentzel, M. Rabe, J. Bester. Middel: W. Viviers, D. Broodryk, C. Oosthuizen. Onder: H. Verwoerd, B. Sieberhagen, J. Engelbrecht.

MILITÊRE DIENSPLIG: WANNEER?



Die direkteur van Ontwikkeling aan die Universiteit van Stellenbosch, mnr Piet Lombard, het op 19 Maart op 'n saamtrek van Oud-Maties op Swellendam daarop gewys dat talle mense verkeerdelik onder die indruk verkeer dat hulle seuns na matriek verplig word om éérs hulle nasionale diensplig te doen.

Mnr Lombard het die Oud-Maties daarop gewys dat dit nie die geval is nie, en dat verwarring vermoedelik ontstaan het nadat die nuusmedia berigte die land ingestuur het oor besluite deur die Rhodesiese regering aangaande verpligte militêre opleiding in daardie land.

Matieland plaas nou 'n aantal vrae, met antwoorde, wat deur Verdedigingshoofkwartier goedgekeur is en wat ons vertrou helderheid oor dié aangeleentheid sal bied.

MOET EK UNIVERSITEIT OF KOLLEGE TOE GAAN VOOR OF NA NASIONALE DIENSPILIG?

Dit hang van jouself af. Wat die Weermag betref sal jy meer waardevol wees nadat jy akademies opgelei is. As jy eers jou studie voltooi, sal jy heelwaarskynlik beter besoldig word tydens jou nasionale diensplig en kan jy aangewend word in die rigting waarin jy gestudeer het. Daarenteen kan diensplig voor akademiese opleiding jou die geleentheid gee om die kat goed uit die boom te kyk alvorens jy op 'n spesifieke rigting besluit.

WAT GEBEUR AS EK EERS MY NASIONALE DIENSPILIG WIL VERRIG?

Jy sal aan óf die Januarie óf die Julie-inname toegewys word al is jy van voornemens om na jou aanvanklike termyn aan 'n universiteit te gaan studeer. Word jy aan die Julie-inname toegewys, kan jy nie met jou studies begin alvorens jy jou aanvanklike termyn van nasionale diensplig voltooi het nie, aangesien toestemming om jou nasionale diensplig te onderbreek nie verleen sal word nie. Jy moet ook onthou dat jy nie van Julie na die Januarie-inname hertoegewys sal word nie.

WAT GEBEUR AS EK BESLUIT OM TE STUDEER?

- Hier bestaan vier moontlikhede:
 - Jy gaan voltyds studeer vir 'n erkende graad of diploma aan 'n hoër opvoedkundige inrigting in Suid-Afrika.
 - Jy gaan deelyds studeer vir 'n erkende graad of diploma in Suid-Afrika.
 - Jy gaan buite Suid-Afrika of Suidwes-Afrika studeer.
 - Jy gaan binne of buite Suid-Afrika of Suidwes-Afrika studeer maar nie vir 'n erkende kwalifikasie nie.
- Die prosedure is in elke geval dieselfde:
 - Vul die vraelys korrek in.
 - Voorsien die Vrystellingsraad van 'n skriftelike bewys van registrasie vir jou voorgenome studies so gou as moontlik maar in elk geval nie later as 5 Maart 1977 nie. Intussen sal jy aan die Julie-inname toegewys word en uitstel sal slegs verleen word nadat stawende bewys van registrasie as student ontvang is.
 - Jy sal jaarliks op hierdie wyse aansoek moet doen om uitstel vir voortgesette studies en bewys van sodanige studies moet ingedien word.
 - Jy sal na afstudering vir nasionale diensplig opgeroep word.
 - Jy moet goed kennis neem van die feit dat jy vooraf by die Vrystellingsraad moet aansoek doen om die nodige uitstel in geval jy in die buiteland wil gaan studeer of indien jy in 'n rigting wil studeer wat nie erken word nie. Indien jy onseker is of jou studierigting jou sal laat kwalifiseer vir uitstel, moet jy onmiddelik die Vrystellingsraad nader met volle besonderhede oor jou voorgenome studies.

WAT IS DIE VRYSTELLINGSRAAD?

Die Vrystellingsraad is 'n statutêre liggaam bestaande hoofsaaklik uit senior amptenare van die departement van Arbeid wat deur die minister van Arbeid aangestel is om aansoek om vrystelling of uitstel van diensplig te oorweeg.

As jy meen dat jy gronde het, wat vrystelling of uitstel van diensplig regverdig, moet jy na toewysing jou aansoek rig aan die Sekretaris, Vrystellingsraad, Privaatsak X281, Pretoria, 0001.

Dit sal in jou eie belang wees om, waar moontlik, die feite genoem in jou aansoek met bewyse te staaf. Al die feite in jou aansoek moet gekontroleer word en as die nodige bewyse nie beskikbaar is nie sal die aansoek noodwendig vertraag word.

Nadat jy vir nasionale diensplig aangemeld het, moet jy jou eenheidsbevelvoerder nader in verband met sake van hierdie aard.

HOE SAL EK IN AANRAKING BLY MET MY KERK?

Daar sal 'n voltydse of deelydse kapelaan in jou gebied wees wat jou minstens een keer 'n week sal sien. Jy sal hom ook, so dikwels as wat nodig is, kan spreek deur net die gewone diensweë te volg.

WAT VAN MY WELSYN?

'n Welsynafdeling is gestig om na jou probleme om te sien. As jy enige probleme ondervind moet jy net jou eenheidsbevelvoerder verwittig en hy sal jou verwys na die eenheidswelsynoffisier.

WORD VOORSIENING GEMAAK VIR VERMAAK EN ONTSPANNING?

'n Wetenskaplike beplande program met 'n groot verskeidenheid word by die verskillende eenhede aangebied. As jy graag aan sport deelneem, sal jy vind dat jou eenheid oor al die nodige geriewe beskik vir jou deelname daaraan.



Met sy geweer in die gereed-posisie en sy vinger liggies op die sneller kom dié soldaat stadig uit die bosse te voorskyn en begin die pad oorsteek – wanneer daar in die operasionele gebied gepatrolleer word, moet mens gereed wees op enige gebeurlikheid.

'n M^oét vir elke Matie

Eikestad—'n versameling gekleurde pentekeninge van Stellenbosch deur Cora Coetzee.

Onthou u nog daardie eerste wandeling in Die Laan? Die brug by Coetzenburg? Die ou Hoofgebou? Die Moederkerk? Die Kruithuis op die Braak? Die ou toluhuis teen Helshoogte?

Al hierdie herinnering-belaaide plekke—en nog talle ander — het die kunstenaars Cora Coetzee

meesterlik vasgevang in 34 pragtige gekleurde pentekeninge in haar boek *Eikestad*.

Die karaktervolle ou eike. Die spel van lig en skadu teen die witgekalkte mure . . . al die atmosfeer . . . daardie besondere iets wat Stellenbosch so onbeskryflik anders maak, is dáár in elke tekening. Want *Eikestad* adem die gees van Stellenbosch se gesellige ou strate, sy stemmingsvolle huise en tuine, sy geskiedkundige geboue. En elkeen van die tekeninge is 'n kunswerk.

Hierdie is 'n boek vir mense wat belangstel in Suid-Afrika se kultuurgeskiedenis, en wat 'n lewensgetroue beeld wil hê van Stellenbosch.

Dis 'n keurig versorgde boek wat kunsliefhebbers sal waardeer.

Dis 'n móét vir elke Matie.

En omdat die inleiding en kort byskrifte wat elkeen van die tekeninge vergesel, ook in Engels is, is dié boek 'n ideale geskenk vir 'n vriend of vriendin in die buiteland.



EIKESTAD

EIKESTAD — 'n versameling gekleurde pentekeninge van Stellenbosch deur Cora Coetzee kan bestel word van:
C. STRUIK BOEKHANDELAARS, H/v Waal- en Loopstraat,
Posbus 1144, Kaapstad 8000/1.
Tel. 22-4204 of 22-7456

OF
C. STRUIK BOEKHANDELAARS, Norwich Union House,
Commissionerstraat 91, Posbus 6933,
Johannesburg 2000/1. Tel. 836-6924 of 836-3949.

Dis ook te kry by alle vooraanstaande boekhandelaars.



C. STRUIK UITGEWERS.

Stuur my asseblief EIKESTAD deur Cora Coetzee.

.....luukse eksemplaar/eksemplare teen R75,00 elk.

.....gewone eksemplaar/eksemplare teen R18,00 elk.

Voeg asseblief 45c posgeld by vir Suid-Afrika—85c vir oorsee.

Betaling ingesluit/Debiteer asseblief my rekening.

Naam

Adres

.....

.....

Handtekening..... Datum.....

OP WATTER GRONDE KAN EK VRYGESTEL WORD?

Baie min mense ontvang algehele vrystelling van nasionale diensplig. Meesal word hulle diensplig uitgestel totdat omstandighede verander het. Dink dus goed oor die saak na voor jy 'n aansoek indien. Dit mag vir jou beter wees om dit nou agter die rug te kry, al het jy 'n rede vir uitstel. Hoe ouer jy word hoe meer verantwoordelikhede kry jy by in die burgerlike lewe en word dit al hoe moeiliker vir jou om weg te breek.

WAT GEBEUR AS EK GELOOFSBESWARE HET?

As jy bona fide lid van 'n erkende kerkgenootskap is wat sy lede verbied om aan oorlog deel te neem sal jy diensplig in 'n nie-vegtende hoedanigheid verrig.

Sodra jy vir nasionale diensplig aangemeld het, moet jy by jou eenheidsbevelvoerder aansoek doen om in 'n nie-vegtende hoedanigheid diens te verrig.

WAT IS DIE DIENSWEEË WAARVAN GEPRAAT WORD?

Die jongste en mees junior manskap of seeman kan 'n klage onder die aandag van sy eenheidsbevelvoerder bring of 'n versoek tot hom rig. Nadat jy vir diensplig aangemeld het, sal die diensweë wat jy moet gebruik aan jou verduidelik word. Deur invloed van buite te gebruik om jou doel te bereik, sal net jou saak benadeel.

Die weermag het gevind dat perde in die operasionele gebied 'n groot hulp is wat teen-insurgensie optrede betref en die gebruik van dié diere het reeds groot sukses tot gevolg gehad. Hulle is veral doeltreffend as dit by agtervolging kom en perde is natuurlik veel vinniger as 'n man te voet. Hier onderneem perd en ruiter hulle daaglikse oefening op die spesiaal-ingerigte hindernisbaan by 'n basis in die operasionele gebied.



WAT GEBEUR AS EK ERNSTIG SIEK WORD?

Indien jy as gevolg van siekte of besering, wat tydens jou ononderbroke opleiding of diens opgedoen is, as "gevaarlik siek" geklassifiseer word, sal jou naasbestaande telegrafies daarvan verwittig word en sal hulle, afhangende van die erns van die geval, geregtig wees op vervoergeriewe binne die Republiek en Suidwes-Afrika teen staatskoste, om jou in die hospitaal te kom besoek.

Lug- of spoorkaartjies sal op aanvraag aan jou naasbestaandes uitgereik word. Hulle moet by die plaaslike militêre owerheid of landdros daarvoor aansoek doen met die telegram ter staving van die aansoek om spoor- of lugkaartjies. Voorts kan jou naasbestaandes ook aansoek doen om in staatskwartiere, teen spesiale tariewe, gehuisves te word indien sodanige kwartiere beskikbaar is.

WAT GEBEUR AS EK VERSUIM OM VIR DIENSPILIG AAN TE MELD?

As jy skuldig bevind word aan opsetlike weiering om nasionale diensplig te verrig kan jy gevonniss word tot detensiestraf vir 'n tydperk van tussen 12 tot 15 maande. Dit is dus nie die moeite werd om 'n kans te waag nie.

WAT MOET EK DOEN AS EK DINK DAT EK GENEESKUNDIG ONGESKIK IS VIR DIENSPILIG?

Indien jy, voordat jy in die kamp aanmeld, voel dat jy geneeskundig ongeskik is vir nasionale diensplig mag jy volle besonderhede van jou geval aan die Registrasiebeampte, SAW, deurstuur. Jy word egter daaraan herinner dat jou aansoek vergesel moet wees van 'n mediese sertifikaat van jou privaat-dokter wat jy op eie koste moet verkry.

Jy sal binne die eerste paar dae na aanmelding deeglik medies ondersoek word. Hou egter in gedagte dat jy moontlik geklassifiseer kan word as geskik vir beperkte basiese opleiding of slegs geskik vir administratiewe dienste. In so 'n geval kan jy na 'n ander eenheid elders oorgeplaas word.

WAT GEBEUR AS EK SIEK WORD TYDENS MY OPLEIDING?

Jy ontvang mediese en tandheelkundige behandeling teen staatskoste vir alle beserings of siektes wat jy mag opdoen tydens jou nasionale diensplig. Indien jy na verwagting volkome sal herstel, sal dié behandeling selfs tot na jou dienstydkerf strek. Indien dit egter blyk dat jy permanent medies ongeskik is, mag jou geval oorgeplaas word na die departement van Volkswelsyn en Pensioene vir oorweging van die betaling van 'n ongeskiktheidspensioen of vir nog mediese behandeling teen staatskoste.

WAT STAAN MY TE DOEN AS EK MEEN DAT EK AAN DIE VERKEERDE WEERMAGSDEEL OF KORPS TOEGEWYS IS?

Meld aan vir diensplig soos aangesê en nader dan jou eenheidsbevelvoerder in dié verband. Jy moet egter onthou dat wat jy wil hê nie noodwendig altyd die beste vir die Weermag is nie en dat jy per slot van sake dien in die belang van die verdediging van jou land.

WAAR KAN EK NADERE BESONDERHEDE BEKOM?

Jou naaste militêre basis behoort enige probleem wat jy mag ondervind, op te klaar. As hulle nie kan nie, kan jy gerus skryf aan die Registrasiebeampte, SAW, Privaatsak X281, Pretoria, 0001.

VAN ONS DONATEURS



Dié foto is met die ondertekening van die skenkingsakte in die kantoor van die Rektor geneem. Sittende (v.l.n.r.) die Vise-rektor, prof. W. L. Mouton, die Rektor, prof. J. N. de Villiers en die besturende direkteur van die Stellenbosch-Wyntrust, mnr L. A. O. Barth. Agter staan (v.l.n.r.) mnr Koos Basson van die firma Cluver en Markotter, mnr P. J. Lombard, direkteur van Ontwikkeling aan die U.S., prof. H. P. Muller, direkteur van die Nagraadse Bestuurskool van die U.S., prof. R. Tusenius, direkteur van die Instituut vir Entrepreneurskap en Bestuurswese aan die Nagraadse Bestuurskool en mnr Wally Sterry en Andrew Marais, onderskeidelik maatskappysekretaris en skakelbestuurder van Stellenbosch Boerewynmakery.

S.B.W.—skenking kry beslag

Die Stellenbosch Boerewynmakery-Stigting, wat moontlik gemaak is deur 'n skenking van bykans 'n kwartmiljoen rand deur Stellenbosch Boerewynmakery aan die Universiteit van Stellenbosch, het nou sy finale beslag gekry met die ondertekening van die skenkingsakte.

Toe die Stellenbosch Boerewynmakery-Stigting (SBW-Stigting) verlede jaar deur Stellenbosch Boerewynmakery en die Universiteit aangekondig is, is gekonstateer dat dit ten doel het om bestuursopleiding en -ontwikkeling op alle vlakke van die Suid-Afrikaanse samelewing te stimuleer. Dié doel word sedertdien nagestreef deur die uitbouing van die akademiese funksies van die Nagraadse Bestuurskool van die Universiteit van Stellenbosch op Bellville en 'n aansienlike mate van sukses is tot dusver behaal. Só het die Bestuurskool met hulp van die SBW-Stigting verlede jaar die volgende programme van stapel laat loop:

Dosente Ontwikkelingsprogramme vir Suider-Afrika;
Die Instituut vir Entrepreneurskap en Bestuurswese se opleidingsprogramme vir Kleinsakemanne (blank en nie-blank).

Die stigting verlede jaar van die Instituut vir Entrepreneurskap en Bestuurswese aan die Nagraadse Bestuurskool het ook geskied met hulp van die Stellenbosch Boerewynmakery-Stigting.

Met die ondertekening van die skenkingsakte het die besturende direkteur van die Stellenbosch-Wyntrust, mnr Barth, gesê daar moet so spoedig moontlik 'n geskoolde leiersklas onder die laer-inkomste groep tot stand kom, veral onder die nie-blankes.

Die Rektor, prof. de Villiers, het gesê die Nagraadse Bestuurskool kan as gevolg van die hulp van die Stellenbosch Boerewynmakery-Stigting "meer aktief na buite beweeg om bestuurswese onder alle rasse-groepe in die Suid-Afrikaanse sakewêreld aan te moedig en te ontwikkel." Hy het mnr Barth en Stellenbosch Boerewynmakery bedank vir volgehoue steun aan die Nagraadse Bestuurskool. "Hierdie is een van die grootste donasies wat die Universiteit nog ontvang het spesifiek vir akademiese doeleindes," het prof. de Villiers gesê.

Sanlam oorhandig nog 'n tjek

'n Tjek ten bedrae van R5 000, die derde skenking in 'n reeks van tien, is pas deur Sanlam aan die Universiteit van Stellenbosch oorhandig. Die versekeringsmaatskappy het reeds bykans R150 000 aan die Universiteit van Stellenbosch gegee – teen 1983, wanneer die huidige reeks skenkings afgehandel sal wees, sal dié indrukwekkende skenkingsyfer op feitlik R200 000 staan.

Sanlam se provinsiale bestuurder, mnr Hermie Laubscher van Kaapstad, het die tjek ten bedrae van R5 000 aan die Rektor van die Universiteit, prof. Jannie de Villiers, in sy kantoor oorhandig.

Mnr Laubscher het gesê Sanlam is dankbaar vir die manne en vroue wat by die Universiteit opgelei word om na voltooiing van hulle kursusse hulle plek in die samelewing te kan volstaan.

Die eerste skenking in die huidige reeks aan die U.S. is in 1974 gedoen en teen 1983 sal Sanlam nog R50 000 aan die Universiteit van Stellenbosch geskenk het.



Hier oorhandig Sanlam se provinsiale bestuurder, mnr Hermie Laubscher van Kaapstad, die tjek van R5 000 aan die Rektor van die Universiteit van Stellenbosch, prof. Jannie de Villiers (links). Die man wat regs glimlaggend toekyk, is Sanlam se streekbestuurder, mnr G. J. "Tex" de Swart, van Stellenbosch.



Dr L. A. P. A. Munnik

MUNNIK EN MEYER IN U.S.-RAAD

Twee bekende persone is deur die Staatspresident benoem om te dien in die Raad van die Universiteit van Stellenbosch. Hulle is die Administrateur van Kaapland, dr L. A. P. A. Munnik en die Direkteur van Onderwys in dié provinsie, mnr P. S. Meyer. Dr Munnik het op 1 Junie vanjaar Administrateur geword en mnr Meyer is sedert September 1974 onderwyshoof.

Dr Munnik is in Augustus 1925 in Kaapstad gebore en het sy skoolopleiding op Dordrecht geniet. Hy het aan die Universiteit van Kaapstad as geneesheer gekwalifiseer en toe na Dordrecht teruggekeer waar hy 12 jaar gepraktiseer het. Terwyl hy aan Ikeys studeer het, was hy onder meer lid van die studenteraad en driekeer hoofdirigent met Intervarsity teen die Maties. Hy het sy studies in 1951 voltooi.


Dr Munnik is in 1962 verkies tot LPR vir Aliwal en op 1 April 1966 is hy aangestel as LUK belas met hospitaaldienste. In 'n tussenverkiesing in 1972 is hy verkies tot LV vir Caledon.

Mnr Meyer is in Mei 1922 op Humansdorp gebore en het ook sy skoolopleiding daar geniet. Hy het in 1955 die graad M.Ed. (cum laude) aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf. Hy was agtereenvolgens hoof van die Hoërskool Molteno, die Hoërskool Punt op Mosselbaai en die Hoër Jongenskool, Paarl, en ook Rektor van die Opleidingskollege Graaff-Reinet. Hy het vroeër vir S.W.D. tennis gespeel. In 1968 het hy inspekteur van onderwys geword en later is hy bevorder tot beplanner van onderwys. In Februarie 1974 is hy aangestel as Adjunk-direkteur van Onderwys.



Mnr P. S. Meyer

INTERVARSITY IS TERUG!



INTERVARSITY is terug! Dit was "Rom, Rom, Rom. Stellenbosch kom," dat Tafelberg antwoord gegee het. Dat die middag van 31 Mei, Republiekdag, 'n dag so reg in die Kaapse wintertradisie was, en die feit dat die Maties letterlik en figuurlik die wind van voor gehad het teen die gedugte span van Chris Pope het nie saak gemaak nie. Die belangrikste was dat Intervarsity weer gehou kon word. Teen dié tyd is die uitslag en verloop van die wedstryd reeds ou nuus, maar hier is tóg 'n paar foto's om Oud-Maties na die tuin van hulle herinnerings terug te voer en dit by hulle tuis te bring dat Intervarsity nog net so jolig verloop soos in hulle dae op die Akker. Wat maak die telling saak, rugby is tóg maar net 'n spel. (Veral wanneer mens aan die verloorkant was!!)



Schoonheid en sjampanje was daar ook – hier staan Maties en Ikeys se twee Sjampanjenooientjies, Trudie Stander en Jenny Trisos.



Die Maties se eerstespan kort voor die aanvang van die groot kragmeting. Die kaptein, Dawie Snyman, staan heel links met Boland Coetzee langs hom. Die reus heel regs is die slotvoerspeler, Hennie Bekker.

Nuwe aanstellings by U.S. en bevorderings


Sedert die verskyning van die vorige uitgawe van *Matieland* het die Raad van die Universiteit van Stellenbosch die aanstelling van nog drie hoogleraars goedgekeur. Hulle is: dr D. G. Franszen (Ekonomie), dr R. J. B. Bruce (aangestel by die Nagraadse Bestuurskool) en prof. D. D. Joubert, vooreen mede-professor en nou bevorder tot hoogleraar in Sosiologie.

Dr Franszen, 57, was sedert 1 Julie 1961 vise-president van die S.A. Reserwebank. Van 1947 tot 1949 was hy hoogleraar in Ekonomie aan die U.S. Hy het die grade B.A., M.A. (Ekon.) en D. Phil. (Ekon.) cum laude op Stellenbosch verwerf en het ook nagraads aan die Universiteite van Harvard en Chicago in die V.S.A. gestudeer. Die Havengaprys vir Ekonomie is in 1961 deur die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns aan dr Franszen toegeken.


Prof. Bruce, 33, het die grade B.Sc. en M.B.A. onderskeidelik in 1965 en 1969 aan die Universiteit van Kaapstad verwerf. Die graad Ph.D. het hy verlede jaar aan die Universiteit van Cranfield in die V.S.A. verwerf – hy was ook van 1972 tot verlede jaar lektor in Besigheidsbestuur aan Cranfield.

Prof. Joubert, 42, het die graad B.A. in 1954, die graad M.A. (cum laude) in 1957 en sy doktorsgraad in 1961 aan die U.S. behaal. In 1958 word hy lektor in die departement Sosiologie, in 1963 word hy senior lektor en elf jaar later is hy aangestel as mede-professor.


Nog 'n senior bevordering is dié van dr P. Aucamp, 39, tot adjunk-universiteitsbibliotekaris. Hy is in Eldoret, Kenia, gebore en het aan die P.U. vir C.H.O. studeer waar hy verlede jaar die doktorsgraad in Biblioteekkunde verwerf het. Voor hy na Stellenbosch gekom het, was hy onder meer onder-universiteitsbibliotekaris van die Ferdinand Postma-biblioteek aan die P.U.




Dr D. G. Franszen



Prof. D. D. Joubert



Dr R. J. B. Bruce



Dr P. Aucamp

Die Raad het ook twee senior lektore aangestel. Hulle is: Mev. I. A. le Roux (Huishoudkunde) en mnr D. C. Page (Meganiese Ingenieurswese).

Nuwe lektore is: dr M. S. Burger (aangestel as lektor/kliniese assistent, departement Anatomie), mnr P. G. Human (Wiskunde, fakulteit Opvoedkunde), mnr H. T. Harris (Meganiese Ingenieurswese), mnr M. A. Muller (Wiskunde) en mnr G. J. Venter (Statistiek).

Mej. M. H. A. Munnik is aangestel as junior lektrise in die departement Huishoudkunde.

Taalmonumentkomitee skenk R10 000


Die Taalmonumentkomitee het 'n tjek ten bedrae van R10 000 aan die Instituut vir Taalonderrig van die Universiteit van Stellenbosch geskenk.

Dr J. S. Gericke, voorsitter van die Taalmonumentkomitee en ook Visekanselier van die Universiteit, het die tjek oorhandig. Hy het gesê die geld word geskenk sodat die nuwe Instituut goed op dreef kan kom.

Die ontstaan van die Instituut vir Taalonderrig is verlede jaar op 10 Oktober deur die nususmedia in Suid-Afrika aangekondig – dieselfde dag wat die Taalmonument in die Paarl ingewy is.

“Die Taalmonumentkomitee wil graag sien dat die werksaamhede van die Instituut momentum kry en onderneem om later weer aandag te skenk aan die moontlikheid om nog toekennings aan die Instituut te maak,” het dr Gericke gesê.

Die tjek wat deur dr Gericke oorhandig is, is in ontvangs geneem deur prof. F. C. Fensham, voorsitter van die beheerkomitee van die Instituut.



Dr J. S. Gericke (middel) voorsitter van die Taalmonumentkomitee, oorhandig 'n tjek ten bedrae van R10 000 aan prof. F. C. Fensham, voorsitter van die beheerkomitee van die Instituut vir Taalonderrig aan die U.S. Links staan die direkteur van die Instituut, dr D. H. van der Vyver.

KAMPUSNUUS MAAK SY EERSTE VERSKYNING

Op 17 Junie het die Universiteit 'n publikasie ryker geword met die verskyning van sy eerste kampusblad, Kampusnuus.

Die Rektor, prof. J. N. de Villiers, beywer hom lank reeds vir so 'n kommunikasieblad, veral omdat die Universiteit geografies verspreid geraak het en omdat 'n volwaardige satellietuniversiteit moontlik by Durbanville ontwikkel gaan word.

Die eerste uitgawe is in afwesigheid van die Rektor deur die Vise-rektor, prof. W. L. Mouton, in ontvangs geneem.

Aanvanklik sal Kampusnuus kwartaalliks verskyn en dit is die voorneme om hom mettertyd tien keer per jaar uit te gee sodat daar dan sprake kan wees van 'n volwaardige nuusblad.

Die hoofdoelstelling van die nuwe kampusblad is om beter kommunikasie tussen al die lede van die Universiteitspersoneel te bewerkstellig. Dit word gedoen by wyse van berigte en artikels wat van korrespondente op strategiese plekke op die kampus ontvang word. Op dié wyse word daar gepoog om van die blad inligtingdraer te maak wat 'n volledige beeld van die Universiteit sal gee.



Die eerste eksemplaar van Kampusnuus word deur die redaksie-lede aan prof. Mouton (tweede van regs) oorhandig. Die redaksie is (v.l.n.r.): Patricia Swart, James Swart, William Fox en Danie Kritzing, wat heel regs staan.

HUWELIJSKLOKKE VIR BEKENDE MATIES



Links: Op 1 Mei vanjaar het Danie Malan, een van die grootste atlete wat die Maties nog opgelewer het, sy belangrikste wedloop gehardloop. Op daardie dag is hy getroud met Mildred (Mildie), dogter van prof. en mev. Philip McLachlan van Stellenbosch. Prof. McLachlan is die leier van die Universiteitskoor Stellenbosch. Danie se vader, mnr Wynand Malan, is LV vir die Paarl. Hier staan Danie en Mildie agter die twee ouerpare – mnr Wynand Malan en sy vrou Elise (links) en prof. Philip en mev. Helen McLachlan.



Regs: Pierre Goosen, voorsitter van die Maties se studente-raad, en sy bruid Carol Ann afgeneem op hulle troudag op 27 Maart vanjaar. Pierre wat aan die U.S. in die teologie studeer, is 'n bekende naam in rugbykringe. Hy het verskeie wedstryde vir die Westelike Provinsie gespeel en sal veral onthou word vir die aandeel wat hy gehad het in die Maties se roemryke oorwinning oor die Tukkies op Coetzenburg in 1973. Sy bruid is die dogter van mnr en mev. Ken Coetzee van Williston. Pierre is die seun van kaptein en mev. F. P. Goosen van Stellenbosch – kapt. Goosen is verbonde aan die S.A.P.

OUD-MATIES TREK SAAM

Upington



'n Baie geslaagde saamtrek van Oud-Maties is op 12 Maart vanjaar op Upington gehou. Die aanwesiges – daar was meer as honderd – is deur die Universiteit van Stellenbosch se Vise-reaktor, prof. Wynand Mouton toegesprek. Hier staan prof. Mouton (middel) saam met mnr G. Agenbach, voorsitter van die Oud-Matieskakeelkomitee, mnr W. Koetzer (hy was die aand die oudste Oud-Matie op die saamtrek) en twee Springbok-rugbyspelers van weleer, mnr Willem Barnard en Daantjie Rossouw. Albei is Oud-Maties.



En hier is die manne van die Oud-Matieskakeelkomitee deur wie se toedoen – in samewerking met hulle wederhelptes natuurlik – die saamtrek op Upington so 'n reuse sukses was. Agter staan (v.l.n.r.) mnr F. C. Martin, L. W. Joubert, W. du Toit, P. Nel, P. de Villiers, J. Marais en S. J. van der Merwe. Voor sit (v.l.n.r.) mnr Haas Kruger (senior ontwikkelingsbeampte van die U.S.), mnr C. Smith, mnr G. Agenbach (voorsitter van die Oud-Matieskakeelkomitee), prof. Wynand Mouton en mnr M. M. du Plessis. Mnr G. Carr was afwesig toe die foto geneem is.

Moorreesburg



Oud-Maties van Moorreesburg het op 9 April vanjaar opgeruk na die Universiteit van Stellenbosch vir 'n saamtrek in die Langenhoven-Studentesentrum. Die saamtrek het die vorm van 'n dinee aangeneem en die 65 Oud-Maties is deur die Vise-reaktor, prof. Wynand Mouton toegesprek. Hier luister mnr en mev. Jan Bester en mnr en mev. Hannes Lochner na wat die persoon oorkant hulle te vertel het. Mnr L. Greybe sit verskuil agter mnr Jan Bester, langs hom sit mev. Mouton, prof. Mouton, mnr Piet Stassen (voorsitter van die Oud-Matieskakeelkomitee), mev. Stassen en mnr Andries Esterhuyse, (adjunk-direkteur van Ontwikkeling aan die U.S.)

Swellendam



Nog ses Oud-Maties van Moorreesburg wat die saamtrek en dinee op Stellenbosch bygewoon het, is (v.l.n.r.) mnr B. Bester, mev. M. Dippenaar, mnr D. J. Strydom, mev. K. Kotze en mev. en mnr H. W. Burden.

'n Baie geslaagde saamtrek van Oud-Maties is op 19 Maart op Swellendam gehou. Sowat 100 Oud-Maties was bymekaar en hulle is na 'n buffetete deur die direkteur van Ontwikkeling aan die U.S., mnr Piet Lombard toegesprek. Hy het onder meer in sy toespraak daarop gewys dat jongmanne na matriek self moet besluit of hulle eers militêre opleiding wil ondergaan en of hulle dit na hulle universiteitsloopbaan wil doen. (Lees berig oor nasionale diensplig elders in hierdie uitgawe). Die reëlings vir die groot saamtrek, wat op uiters bekwame wyse getref is, was in die hande van die voorsitter van die Oud-Matieskakeelkomitee op Swellendam, mnr J. D. Beyers. Mnr Beyers, wat ook dié dorp se burgemeester is, is bygestaan deur dr T. F. Weich en mnr Martin Kelly.

Beaufort- Wes

Die Oud-Maties van Beaufort-Wes het Saterdagand 24 April 'n groot saamtrek gehad. Sowat 70 van hulle is op 'n dinee deur die U.S. se Vise-reaktor, prof. Wynand Mouton, toegesprek. Die baie genoeglike aand wat almal gehad het, was hoofsaaklik te danke aan die puik reëlings wat getref is deur mev. M. van der Merwe. Hier spreek prof. Mouton die Oud-Maties toe. Mev. van der Merwe sit aan sy regterkant en langs haar sit die voorsitter van die Oud-Matieskakeelkomitee, mnr P. G. van Velden.



Links: Die Oud-Matiesaamtrek op Beaufort-Wes was erg gesellig soos dié foto duidelik bewys. Hier sit – in die gewone volgorde – mnr C. G. S. Smit, mev. Lena Smit, mev. Joey Grant en mnr Magnus Grant. (Foto's: Die Courier, Beaufort-Wes)

NUUSBROKKIES



Saagselskildery vir minister Fanie Botha

Die fakulteit Bosbou aan die Universiteit van Stellenbosch het Woensdagaand 9 Junie op 'n onthaal in die Langenhoven-Studentesentrum afskeid geneem van minister Fanie Botha wat in die jongste kabinetskommeling aangestel is as minister van Mynwese en van Arbeid. Minister Botha, wat ook lid is van die Raad van die U.S., was voorheen minister van Bosbou. By dié geleentheid waar die Rektor, prof. Jannie de Villiers ook teenwoordig was, is 'n saagselskildery deur mev. Marscha Hartwig, eggenote van die dekaan van die fakulteit Bosbou, aan die minister oorhandig. Die saagselskildery is van die minister self en is deur mnr Jan Visser gemaak vanaf 'n foto wat deur die bekende Stellenbosse fotograaf, mnr Johan Stander geneem is van mnr Botha toe sy dogter in die Eikestad getrou het. Hier kyk minister Botha na die skildery pas nadat dit aan hom oorhandig is deur mev. Hartwig (links).

K.W.V. skenk vir geskiedenisnavorsing



Dr Diko van Zyl, senior lektor in Geskiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch, wat met die oog op voortgesette studie van die geskiedenis van wynbou en wynhandel in Suid-Afrika 'n geldelike toekenning van R3500 van die K.W.V. ontvang het. Hy het in Junie na Londen vertrek waar hy navorsing sal doen oor die geskiedenis van die wynuitvoerhandel tussen Suid-Afrika en Brittanje. Dr Van Zyl is die skrywer van die boek "Kaapse Wyn en Brandewyn, 1795-1860."

Tweede medalje vir Departement


Dr Chris van der Merwe (regs), verbonde aan die fakulteit van Geneeskunde van die Universiteit van Stellenbosch, wat die goue medalje verower het as die beste kandidaat in die vakgebied Verloskunde en Ginekologie in eksamens van die Suid-Afrikaanse Kollege van Geneeskunde wat gedurende 1975 afgelê is. Dr Van der Merwe het ook 'n soortgelyke medalje in Londen verwerf. Dit is die tweede Suid-Afrikaanse goue medalje wat aan 'n lid van die departement van Verloskunde en Ginekologie toegeken word.





Bronsmedalje oorhandig aan dr E. A. Schoeman

Dr E. A. Schoeman (links) ontvang die bronsmedalje vir navorsing van die voorsitter van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Dierproduksie en hoof van die departement Veekunde in die fakulteit Landbou aan die Universiteit van Stellenbosch, prof. Frans van der Merwe. Die toekenning is aan dr Schoeman gedoen op grond van publikasies saam met sy promotor, prof. P. J. de Wet. Prof. de Wet is hoof van die departement Skaap- en Wolkunde in die fakulteit Landbou. Dr Schoeman boer op die oomblik in die distrik Cradock. Hy het sy doktorsgraad in 1969 op Stellenbosch verwerf met die proefskrif: "The utilization of proteins for wool growth and their effect on some physical and chemical properties."



Ivor Potgieter word nasionale keurder

Mnr Ivor Potgieter, voorheen verbonde aan die Universiteit van Stellenbosch as adjunk-direkteur van Sport, is verkies tot nasionale keurder en een van die Suid-Afrikaanse Atletiekvereniging se nege verteenwoordigers in die bestuur van die S.A. Atletiekunie. Die ampte wat mnr Potgieter nou beklee, is voorheen deur mnr Gert Potgieter, pas-uitgetrede voorsitter van die W.P. se atletiekvereniging beklee. Die ander twee nasionale atletiekkeurders, mnre Danie Malan van die Oostelike Provinsie en Alister Matthews van Suid-Transvaal is herkies. Mnr Potgieter is op die oomblik adjunk-direkteur van Ontwikkeling aan die U.O.V.S.

Bouvereniging se Beurs



Die jaarlikse beurs ter waarde van R350 van die Suid-Afrikaanse Permanente Bouvereniging is vanjaar aan mej. Mari Stevens van die Universiteit van Stellenbosch toegeken. Mej. Stevens studeer vir die diploma in Biblioteekkunde en is in haar eerstejaar. Hier oorhandig die Stellenbosse bestuurder van die S.A. Permanente Bouvereniging, mnr Colin Bester, die tjek aan mej. Stevens.

Fotovaria

Fotovaria

Fotovaria

Fotovaria

Fotovaria

Fotovaria



Drie senior amptenare van die departement van Nasionale Opvoeding het die Universiteit van Stellenbosch op 8 en 9 Junie vanjaar besoek. Hulle sal mettertyd aanbevelings doen in verband met die Universiteit se leningsaansoek vir die kapitaalbegroting 1977/78. Die drie mnr H. S. Steyn, mnr W. J. B. Pretorius en mnr G. J. J. Steenkamp – het onder meer besoek gebring aan die fakulteite van Geneeskunde en Tandheelkunde en aan die terrein vir die satellietkampus op Durbanville. Op die foto, geneem op 'n noenmaal wat deur die Rektor vir hulle aangebied is, staan (v.l.n.r.) prof. W. Mouton, die Vise-rektor, prof. J. de Villiers, die Rektor, dr H. S. Steyn, prof. H. B. Thom, afgetrede Rektor van die U.S., mnr W. J. B. Pretorius en mnr G. J. J. Steenkamp.

Die studente wat in 1950 aan die Universiteit van Stellenbosch die graad LL.B. in die fakulteit Regsgeleerdheid verwerf het, het in die naweek van 26 tot 28 Maart vanjaar saam met hulle eggenotes na hulle Alma Mater teruggekeer. Toe hulle 25 jaar gelede gegradueer het, was hulle geledere 17 man sterk maar twee is ondertussen oorlede. Op Vrydagaand 26 Maart – toe dié foto geneem is – is hulle in die Langenhoven-Studentesentrum deur die departement Ontwikkeling onthaal. Agter staan (v.l.n.r.) regter J. J. Strydom, adv. M. J. Mentz, mnr J. M. Nesor, Prof. W. L. Mouton (Vise-rektor), mnr W. Bouwer (LPR), prof. J. P. Yeats (afgetrede hoogleraar in die fakulteit Regsgeleerdheid), dr H. M. J. van Rensburg (LV), prof. W. M. van der Westhuizen (verbonde aan die fakulteit Regsgeleerdheid), adv. J. Barnard, mnr H. S. van der Merwe en mnr J. J. Bouwer. Voor (v.l.n.r.) mnr Jannie le Roux (grootbaas van rugby in TvI), mnr P. le F. Mouton, mnr A. C. Christie, mnr I. J. Meyer, mnr M. T. van der Spuy, dr P. J. Kotzé en mnr H. Meintjies. Die dekaan van die fakulteit Regsgeleerdheid, prof. A. B. de Villiers sit in die middel heel voor.





Mej. Rita Barnard (regs) van die Universiteit van Stellenbosch, is vanjaar op 22 Mei in die Langenhoven-Studentesentrum op Stellenbosch aangewys as een van die drie mooiste meisies op die kampusse van Suid-Afrikaanse universiteite. Die beoordelaars het besluit dat mej. Lindy Klopper (middel) van Ikeys, die heel mooiste is en hier word sy gekroon as Mej. S.A. Kampus deur die Rektor van die U.S., prof. Jannie de Villiers. Rita, wat vir die graad Hons (B.A.) in Engels studeer, en mej. Oonagh Fordyce van Wits, is aangewys as Lindy se twee prinsesse.

'n Aantal vooraanstaande Amerikaners het die Universiteit van Stellenbosch vroeër vanjaar besoek. Hulle koms na die Republiek het plaasgevind ingevolge die Amerikaans-Suid-Afrikaanse Leiersuitruilskema (USSALEP). Nadat die Rektor, prof. J. N. de Villiers, hulle in die Langenhoven-Studentesentrum toegesprek het, het hulle saam met hom tee en verversings genuttig waarna prof. Frans Smuts, hoof van die departement Latyn, hulle op 'n besigtigings-toer deur Stellenbosch geneem het. Hier staan (v.l.n.r.) mnr Al Nickerson (direkteur en gewese voorsitter van Mobil Oliekorporasie), dr Lucius Gregg (vice-president van die First National Bank of Chicago), prof. Ned Munger (verbonde aan die California Institute of Technology in Pasadena), prof. Frans Smuts, mnr Frank Savage (vice-president van die Equitable Life Assurance Society of the U.S.A.) en mnr James Grant (president van die Overseas Development Council, Washington D.C.).




Fotovaria

Fotovaria

Fotovaria

Fotovaria

Fotovaria



'n Besondere mylpaal in die geskiedenis van die fakulteit van Ingenieurswese aan die Universiteit van Stellenbosch is op 8 en 9 April vanjaar bereik toe dié fakulteit die eerste keer sy nuwe multi-miljoen rand geboue-kompleks in Banhoekweg vir belangstellendes oopgestel het. Dit was maar net die vierde keer dat sg. "Ope Dae" in die fakulteit van Ingenieurswese gehou is sedert sy stigting in 1941. Daar is hierdeur beoog om die werksaamhede van die ingenieur in sy verskillende vertakings aan die publiek en skoolgaande kinders bekend te stel. Dié foto is van 'n uitstalling wat te make het met Lugvaartkundige ingenieurswese. Daar het na raming meer as 10 000 mense die fakulteit Ingenieurswese op 8 en 9 April vanjaar tydens die "Ope Dae" besoek.



Die versending van Matieland is 'n taak wat die redaksie van dié blad hoegenaamd nie alleen kan hanteer nie. Matieland word driekeer per jaar aan sowat 27 000 mense oor die lengte en breedte van die Republiek en na die buiteland gestuur. Vir dié doel moet die blad in 'n koevert geplaas en moet daar 'n naam en adres op geplak word. Wat dié groot taak betref, is die redaksie van Matieland gelukkig dat hulle altyd kan staatmaak op 'n flink span skoolkinders (baie van hulle is lede van die Voortrekkerbeweging) van Stellenbosch. Hier is 'n groepie van dié kinders besig met die versending van Matieland se eerste uitgawe vanjaar.

IN MEMORIAM

Matieland het die afgelope paar maande met leedwese verneem van die heengaan van verskeie huidige en Oud-Maties, en betuig graag sy diepste meegevoel met die naasbestaandes.

'n Oud-Matie wat met groot kennis van die wyn-bedryf kon praat en na wie senator Willem Dempsey in 'n huldeblyk verwys het as 'n "seun van hierdie distrik" is op 18 Junie vanjaar oorlede. Hy was mnr Kobie Roux wat sowat 50 jaar gelede op die plaas Verdun, net buite Stellenbosch, begin boer het. Hy sou op 9 Augustus sy 50ste verjaardag gevier het.

Na sy skoolopleiding aan Paul Roos-Gimnasium en die Universiteit van Stellenbosch het mnr Roux op Verdun begin boer en dit omskep in 'n spogplaas waar wyn, tabak en vrugte geproduseer is. Saam met sy seun Kosie het hy 'n reeks Verdun-wyne op die mark geplaas wat mettertyd besonder gesog geraak en kopers uit alle dele van die land gelok het.

Mnr Roux was ten tye van sy dood 'n dienende ouderling in die gemeente van Stellenbosch-Wes. In 1925 was hy een van die stigterslede van die Van der Stel-Rugbyklub en in latere jare was hy agt jaar president van die klub.

Hy word oorleef deur sy vrou, Martie, drie getroude kinders en 'n aantal kleinkinders.

'n Bekende in onderwyskringe wat 'n Oud-Matie was en jare later ook by twee geleenthede na die U.S. teruggekeer het vir voortgesette studie, is in Maart vanjaar op Stellenbosch oorlede. Hy was mnr S. J. Saayman wat reeds in 1967 weens gesondheidsredes uit die onderwys getree het. In daardie stadium was hy hoof van die Laerskool Innes op Uitenhage. Voor dit was hy ook skoolhoof op Burgersdorp en Mafeking.

Mnr Saayman het sy skoolopleiding aan die Paul Roos-Gimnasium geniet en was ook later onderwyser aan dié skool.

Hy word oorleef deur sy vrou, die bekende sangeres en koorleidster Vesta Oelofsen, en 'n seun, dr Rikus Saayman, wat 'n dosent is aan die U.S.

Een van ons oudste Oud-Maties, dr George v. W. Eybers, is einde April vanjaar in die ouderdom van 88 jaar in Pretoria oorlede.

Nadat hy aan die Universiteit van Stellenbosch studeer het, het dr Eybers sy doktorsgraad aan King's College in Londen verwerf. Hy was die stigter van die eerste Afrikaanse skool in Kaapland op Graaff-Reinet. Later was hy ook inspekteur van skole in Oos-Kaapland.

Mnr Manie Steyn, 'n redaksielid van Die Burger wat die graad Hons(B.A.) aan die U.S. verwerf het, is in Maart vanjaar in die jeugdige ouderdom van 33 jaar oorlede.

Hy het in 1964 lid van die redaksie van Die Burger geword. In 1969 het hy Nasionale Koerante in Londen verteenwoordig en was ná sy terugkeer 'n tydlang hoofsubredakteur. Mnr Steyn is in Kaapstad gebore en het op Heidelberg (Kaa) skoolgegaan.

Hy laat sy vrou agter.

'n Gewese administratiewe personeellid in die fakulteit Landbou aan die Universiteit van Stellenbosch, mnr Pollie Geldenhuys, is in April in 'n motorongeluk dood. Hy was 36 jaar oud.

Ten tye van sy dood was mnr Geldenhuys bemarkingsbestuurder van die United Bouvereniging op Stellenbosch. Mnr Geldenhuys, wat in 1970 getroud is, word oorleef deur sy vrou en twee jong kinders. Sy weduwee-moeder woon op Stellenbosch.

'n Siviele ingenieurstudent in sy derde jaar aan die Universiteit van Stellenbosch, mnr Oliver John Stark, het in April vanjaar naby Jonkershoek in 'n motorongeluk omgekom. Hy was die enigste seun van mnr en mev. Clarry Stark van Agtestraat, Bloemfontein.

Wyle mnr Stark was 'n inwoner van die koshuis Simonsberg. Hy was in Bloemfontein 'n leerling aan die Hoërskool CBC en het in 1972 gematrikuleer. In sy matriekjaar het hy die Standard Bank-prys gewen vir die beste uitslae van 'n Engelssprekende matrikulant in die Vrystaat. Vriende het hom beskryf as 'n knap student en 'n baie aangename, maar stil mens.

Mnr Stark was 21 jaar oud.

'n Vyf-en-twintigjarige Oud-Matie, mnr Hennie Neethling, wat bestuurder van die historiese wynplaas, Groot Constantia was, is in April vanjaar dood. Hy het in Januarie bestuurder van die wynplaas geword en sou op 26 Junie in die huwelik getree het met mej Leana van Zyl van Simonstad.

Mnr Neethling het die graad B.Sc. in Wynbou en Winkunde aan die U.S. verwerf.

Mnr Neethling het in 1968 aan die Hoërskool Porterville matriek geslaag. Hy was 'n skrande leerling en het ook op sportgebied uitblink. In sy laaste jaar op skool, het hy aan die Cravenweek deelgeneem.

NOTULE VAN VERGADERING VAN DIE KONVOKASIE VAN DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH, GEHOU IN DIE H. B. THOM-TEATER OP MAANDAG, 8 DESEMBER 1975 OM 20h00

Aanwesig:

Mnr J. A. M. Archer, prof. J. H. Barnardt, drr. E. E. Bartel, R. K. Belcher, mev. J. Bell, mnr D. V. Benade, dr A. J. Beyleveld, prof. B. Booyens, mev. A. J. Booyens, mnr C. M. Booyens, mev. B. Boshoff, dr P. J. Bosman, mev. W. Bosman, prof. A. G. Botha, mnre S. W. Broderyk, S. S. Burger, mev. J. J. Burema, mnr R. M. Burema, prof. G. G. Cillié, mev. M. S. B. Cillié, mnre J. P. Coetzee, E. L. Conradie, prof. F. J. Conradie, mev. M. D. Conradie, mnr R. P. Conradie, prof. D. H. Craven, J. J. Cruywagen, adv. J. S. Davel, mnr D. D. B. Davis, ds. G. J. de Beer, dr A. J. D. de Villiers, mev. G. de Villiers, mnre I. S. de Villiers, J. F. de Villiers, mev. J. H. de Villiers, prof. J. J. de Villiers, dr J. L. de Villiers, prof. J. N. de Villiers, mev. J. S. de Villiers, prof. J. W. R. de Villiers, O. T. de Villiers, P. C. de Villiers, mnr A. H. de Vos, prof. M. J. de Vries, mnr F. de Wet, mev. A. E. Dreyer, mnre S. A. P. Dreyer, J. J. du Preez, dr A. J. du Toit, mnr C. G. de K. du Toit, prof. P. S. du Toit, dr J. E. Erasmus, mnre S. P. Erasmus, A. J. Esterhuysen, prof. W. P. Esterhuysen, dr H. Faul, mnre J. L. Fechter, M. L. Geldenhuys, drr. M. Grut, J. H. Hamilton, ds. J. W. Hanekom, mev. E. Hansman, dr G. H. Hansman, prof. G. L. F. Hartwig, mev. J. M. Hartwig, mnre D. C. Hauptfleisch, W. J. Herselman, dr A. J. Heyns, ds. J. A. Hurter, prof. M. E. Jooste, mev. H. M. Jordaan, prof. P. G. Jordaan, dr D. J. Joubert, mnr R. B. Justus, prof. G. J. R. Krige, drr. J. H. Kritzinger, H. E. C. Krüger, mnr J. C. Leonhardt, mev. J. L. Leonhardt, mnr P. J. Lombard, mev. A. J. Louw, mej. G. J. Louw, mnre A. D. Lückhoff, J. A. Malan, P. J. Malan, G. H. Malherbe, prof. B. J. Marais, mev. S. Marais, mnr J. A. Mars, mev. M. Mars, dr P. G. McMagh, prof. J. G. Meiring, mnre J. H. Momberg, P. K. Morkel, mev. R. Morkel, prof. W. L. Mouton, mnr D. Müller, prof. J. J. Müller, dr L. M. Muntingh, prof. A. Nel, dr G. J. G. Niehaus, mnr G. Nieuwoudt, kapt. J. J. Nieuwoudt, dr C. Olivier, mnr J. J. Oosthuysen, mnre J. D. Otto, J. G. Pauw, G. M. Pellissier, dr W. J. Pienaar, mnr J. E. Potgieter, prof. W. J. Pretorius, mev. D. M. Reyneke, mnr J. F. Reyneke, mnr F. S. Robertson, mnr B. Rode, mev. L. Roos, prof. T. J. Roos, mnr W. J. Roos, prof. H. W. Rossouw, mnre P. J. F. Scholtz, M. J. Schoonwinkel, prof. G. M. K. Schüler, mev. R. Schüler, prof. D. E. W. Schumann, mev. H. A. Schutte, mnr H. J. P. Schutte, mnr A. A. Slabber, mev. H. M. Smit, mnr J. N. Smit, ds. A. J. H. Smith, prof. N. J. Smith, mej. E. H. Smuts, prof. F. Smuts, mev. J. H. Smuts, C. G. Squier, prof. G. Stander, ds. C. H. Steenkamp, mev. E. M. Steenkamp, mnr N. S. Steenkamp, mev. C. Strauss, mnr C. J. Strauss, mnr C. J. Swanepoel, mev. M. M. Swanepoel, mnr W. J. Swanepoel, mev. E. Theron, mnre F. H. Theron, G. Theron, W. Theron, L. M. Toerien, mev. E. van Arkel, ds. J. J. M. de J. van Arkel, mev. A. L. van der Merwe, mnr F. J. van der Merwe, mev. H. van der Merwe, prof. K. J. van der Merwe, mnre J. P. van der Merwe, P. J. van der Merwe, S. W. B. van der Merwe, dr D. H. van der Vyver, prof. W. M. van der Westhuizen, dr J. J. van Heerden, mnre A. A. J. van Niekerk, D. E. van Niekerk, M. van Niekerk, T. G. D. van Schalkwyk, C. P. J. van Vuuren, mev. D. M. J. van Vuuren, dr J. C. J. van Vuuren, mnr A. J. van Wyk, prof. C. J. van Wyk, ds. J. D. van Wyk, mnr A. F. W. van Zyl, dr M. M. Vogts, mnre W. G. White, G. v. Z. Wolfaard, dr C. F. Ziervogel, mev. J. F. Ziervogel, mnr H. J. Zietsman.

In die afwesigheid van die President, prof. C. G. W. Schumann, word prof. G. G. Cillié eenparig tot Voorsitter verkies.

Die Sekretaris lees die gedrukte kennisgewing waardeur die vergadering byeengeroep is, waarna die Voorsitter die vergadering as behoorlik gekonstitueer verklaar.

Op versoek van die Voorsitter open prof. N. J. Smith die verrigtinge met gebed.

Die notule van die vergadering van 9 Desember 1974 word goedgekeur en deur die handtekening van die Voorsitter bekragtig.

Al die aanwesige lede word welkom geheet deur die Voorsitter, in die besonder oom Pietie le Roux (94) van die Stellenbosch-boerorkes.

Meegevoel met nabestaandes van afgestorwe lede

By monde van die Voorsitter betuig die vergadering sy meegevoel met die nabestaandes van lede van die Konvokasie was sedert die laaste vergadering heengegaan het.

Die volgende name word genoem:

Mnr I. J. M. Archer, dr L. D. Boonstra, prof. W. Buddinghaus, ds. Andries Burden, min. Blaar Coetzee, ds. P. S. Z. Coetzee, mnre H. J. de Waal, A. L. du Pisanie, prof. H. D. A. du Toit, dr A. B. W. Ferreira, lt-komdr Fanie Ferreira, mnre C. C. (Yster) Hattingh, Servaas (Koffie) Hofmeyr, prof. André Hugo, mnre J. B. (Somme) le Roux, G. Lombaard, P. M. Lombard, prof. Avril Malan, D. F. du T. Malherbe, mnr T. A. Murray, ds. D. S. S. F. Pienaar, brig. J. Pienaar, mnr J. J. Pienaar, ds. Johan Reyneke, dr G. E. N. Ross, prof. Otto Schröder, mnr J. A. Swanepoel, dr Marie Thiele, mnr H. S. van der Westhuizen, ds. A. G. E. van Velden, mnre D. C. Wepener, A. C. Wessels.

Geleentheidsprekers

Die volgende persone behandel kortliks elk een aspek van die voorsiening van sportfasiliteite aan studente van die Universiteit –

- Prof. D. H. Craven (m.i.v. 1976 Direkteur van Sport en Ontspanning): Die Rol van Sport en Sportprestasies.
- Dr J. J. van Heerden (Mediese Beampte): Die Studentegesondheidsdiens van die Universiteit se rol in sportgeneeskunde.
- Prof. W. L. Mouton (Vise-reaktor): Beplanning van sportfasiliteite vir die toekoms.

Onbestrede voorstelle van gelukwense

Onbestrede voorstelle van gelukwense aan 'n aantal persone in verband met onderskeidinge wat hulle te beurt geval het, word aangeneem, onder andere:


- Benoemings/aanstellings binne die Universiteit*
Professore en mede professore: Dr T. P. Dreyer, Dr W. J. Engelbrecht, Dr S. Kritzinger, Dr M. A. Loos, Dr R. Reineke, Dr C. J. Swanevelder, Dr J. J. van der Walt, Dr P. J. van Zijl
- Verering deur die S. A. Akademie
Aangestel in Akademieraad
Dr C. v. d. M. Brink – nuwe Voorsitter van die Akademie, Prof. G. G. Cillié, Prof. J. J. Oberholster, Prof. S. P. Cilliers, Dr S. M. Naudé

Ander vererings

Prof. H. B. Thom – D. F. Malan-medalje vir Volksdiens Dr O. R. van Eeden – Havengaprys vir Geologie Prof. A. J. G. Söhngé – Havengaprys vir Geologie Prof. B. C. Jansen – Havengaprys vir Landbouwetenskap Mnr G. O. Nesper – Erepenning vir Wetenskaplike Vakbevordering Mnr Pieter Grobbelaar – Erepenning vir Afrikaanse Volkskultuur

- Eredoktorsgraad toegeken*
Prof. A. C. Cilliers – Universiteit van Port Elizabeth
- Ander aanstellings en onderskeidings*
Dr B. J. Vorster – Hendrik Verwoerd-toekenning en die Staatspresident se Dekorasie vir Voortreflike Diens Dr P. E. Rousseau – Dekorasie vir Voortreflike Diens Dr T. W. de Jongh – Dekorasie vir Voortreflike Diens Genl-Maj. Edwin Pienaar – nuwe Lugstafhoof Dr Jan de Vynck – Franse Ordre des Palmes Académiques Mnr Louis Wessels – Redakteur van Topsport Mnr L. F. Oosthuizen – Redakteur van Die Oosterlig Mnr A. S. Lake – Hoofredakteur van Hoofstad Mnr J. U. Rietman – Landbou-attaché by Suid-Afrikaanse Ambassade in Parys Dr W. P. de Kock – Voorsitter van die Diamantraad van Suidwes-Afrika Dr P. N. Badenhorst – Hendrik Verwoerd-navorsingsbeurs Mev. Marga Diederichs – word Staatspresidentsvrou Dr D. J. Brand – President en Voorsitter van die Internasionale Unie van Dieretuine en Akwariums Mev. (dr) H. L. Frielingsdorf – gekies as Suid-Afrika se Ideale Vrou Dr P. A. Weber – D. F. Malan-Gedenkenning Dr J. D. C. van der Merwe – aangestel as professor aan die Hugenote-Kollege op Wellington Prof. Eddie Laubscher en prof. Adriaan Theron – ereldmaatskap van die Mistofvereniging van Suid-Afrika Mnr Louis Pienaar – aangestel as Suid-Afrikaanse ambassadeur in Parys Dr E. Boshoff – aangestel as professor in Huishoudkunde, Universiteit van Pretoria Dr D. H. Craven – aangestel as voltydse Direkteur van Sport, U.S. (en getroud) John van Reenen – wêreldrekord in die werpskyf.

Die vergadering verdaag.



alle soorte
drukwerk, verpakking,
tydskrif- en
boekpublikasie,
asook
advertensie-
promosie

tel:53-2011 Kaapstad
tel:836-9391 Jhb.



TRIO-RAND

TRIO-RAND-S.A.LITHO
GROEP VAN MAATSKAPPE

TRIO-RAND DRUKKERS, S.A.LITHO,
PREMIER STATIONERY, REPROGRAPH
REPRODUCTIONS, AFRIC MAIL ADVERTISING,
SCOTT PUBLICATIONS, KRAFTPAK,
STANDARD PRESS, SPECTRUM OFFSET,
DAGBREEK PERS (KAAP), KOMPERPRINT,
BRANDWAG PERS, MASKEW MILLER,
PLASTICWRAP



Elke Sigaret 'n Meesterstuk

Die tegniese vaardigheid van die ou meesters en hul strewe na die beste, leef voort in die vervaardiging van Rembrandt van Rijn—die wêreld se eerste vollengte-sigaret met filtermondstuk—die Meesterstuk in Sigarette.

Room van die Oes